# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 381 • Mei 2025




AΩ
LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Korinthiërs 1:23-24

Mei 2025 | No. 381

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Dispensasionalisme (Hemelvaart)

REDAKSIONEEL
**Ds. Schalk Strauss**
'n Bruisend-optimistiese bruid ..... 1

AMPTELIK ..... 3

ONTVANG DIE WOORD
**Ds. Nico Grobler**
Moenie onkundig wees nie ..... 4

HOOFARTIKEL
**Prof. Koos Adendorff**
'n Gebalanseerde benadering: Luister beter na mekaar met die Skrif as maatstaf ..... 6

ARTIKELS
**Ds. Adriaan Bester**
Premillennialisme, postmillennialisme en amillennialisme: Wat is die verskille? ..... 8
**Dr. Barend Hefer**
Die apokaliptiese aard van Openbaring: 'n Hermeneutiese sleutel ..... 12
**Ds. Jannie Bisschoff**
Die wegraping ..... 14
**Ds. Ryno van As**
Wat is die groot verdrukking? ..... 16
**Riaan Joubert**
Wat is die eindtyd en hoe raak dit ons? ..... 17
**Ds. Henri Scherman**
Israel: Spesiale behandeling in die eindtyd? ..... 20

AKTUEEL
Smeltoond: Moenie somme maak nie! ..... 11
Briewe ..... 18
Blokkiesraaisel ..... 22
Gemeentenuus ..... 23

IN DIE SPORE VAN GISTER
**Dr. Pieter Mulder**
Stellaland: vryheid, godsdienssimboliek en sterre ..... 30

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER
**Hannekie Verwoerd**
Luister jou kinders in die kerk? ..... 31

**IN DIE VOLGENDE UITGAWE:**

**Die Junie 2025-uitgawe is ons Pinksteruitgawe. Hierdie jaar val die fokus op die belangrike onderwerp van herlewing as deel van die werk van die Heilige Gees.**

**VOORBLAD:**
**Ons leef tans in die eindtyd. Wanneer die finale uur aanbreek, is egter in God se beskikking.**

**REDAKSIE**

Eindredakteur
Ds. HSW Strauss

Subredakteur
Mev. C Möller

Redaksielede
Di. RK Combrink, EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

Bladuitleg:
*Die Boodskapper:* M Langeveldt
*Jeugboodskapper:* R Grobler

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis Uitgewers
www.liginduisternis.co.za



# ’n Bruisend-optimistiese bruid

**Ds. Schalk Strauss**

In die vyfde afdeling van sy boek, *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak,* beskryf Yavor Rusinov hoe mense se toekomsbeskouing hul optrede en motivering in die lewe beïnvloed.[1] Diegene wat nie baie hoopvol oor die toekoms is nie, is dikwels verlede- of hedegeoriënteerd. Hulle glo óf dat die beste dinge in die verlede lê, óf dat hulle berge moet versit om die lewe hiér en nóú te geniet. Gelowiges is egter veronderstel om baie sterk toekomsgerig te wees. Ons verwag immers die koms van die Koning wie se “ryk geen einde sal hê nie”. Daarom is ons gerig op die vestiging van sy koninkryk. Die kerk se toekomsverwagting het ’n wesenlike impak op haar eindtydbelewing.

## Spanningsvolle tussentyd

Die tydperk tussen Christus se hemelvaart en wederkoms staan as die eindtyd bekend. In Openbaring 20 word dit as ’n duisend jaar van vrede beskryf. Vandaar die uitdrukking “duisendjarige vrederyk”. In hierdie uitgawe word die basiese standpunte oor en interpretasies van die eindtyd aan die orde gestel, terwyl Skriftuurlik daaroor besin word. Hierdie artikel se basiese vertrekpunt is die klassieke standpunt bekend as amillennialisme, wat sedert Augustinus grootliks deur gereformeerdes gehandhaaf word.[2] Hiervolgens is die duisendjaartydperk waarna Openbaring 20 verwys, nie ’n letterlike tydperk van ’n duisend jaar nie, maar ’n simboliese beskrywing van die tydperk tussen Christus se hemelvaart en wederkoms. Die getal duisend simboliseer afronding of volheid en dui daarom op ’n vasgestelde tydperk, soos deur God bepaal.

Die Bybel beskryf die eindtyd as ’n spanningsvolle tydperk, veroorsaak deur die feit dat sekere dinge *reeds* ’n gegewe is, maar ook *nog nie* volledig afgehandel is nie. Christus het byvoorbeeld reeds die dood oorwin, maar die finale afrekening het nog nie plaasgevind nie. Gelowiges is reeds van hul sonde verlos, maar hul redding is nog nie voltooi nie. Die kerk is reeds bruid van Christus, maar haar voorbereiding vir die bruilof met die Lam is nog nie voltooi nie. In sy publikasie *De komst van het Koninkrijk*, verduidelik Herman Ridderbos die teenwoordige en toekomende aspekte van die koninkryk van God. In ’n sin het die koninkryk reeds gekom, maar daar is ook ’n sin waarin die koninkryk komende is.

Dit is egter nie ’n oorweldigende spanning wat gelowiges magteloos en verlam laat nie, want in hierdie tyd bely ons saam met die kerk van die eeue dat Christus opgevaar het na die hemel en “sit aan die regterhand van God”. Met hierdie belydenis erken ons Jesus Christus se opperheerskappy, omdat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom behoort (vgl. Mt. 28:18). Hy is as Koning gesalf (vgl. Ps. 2:6). Met sy opstanding uit en oorwinning oor die dood, het Hy sy vyande die voetbank van sy voete gemaak en God het sy magtige septer na Hom uitgesteek sodat Hy te midde van sy vyande kan heers (vgl. Ps. 110:2-3). Dit is ’n belydenis wat gelowiges hoopvol op die toekoms rig en hulle dring om hulself, te midde van lyding en vervolging, uit te strek na wat voorlê. Christus se heerskappy is nie beperk tot die hemelse realm nie. Hy is die Een wat waardig is om die boekrol met God se raadsbesluite oop te maak sodat die einde van die wêreldgeskiedenis volgens Goddelike beplanning kan uitspeel (vgl. Openb. 5). Dit is ’n belydenis wat spreek van ’n reeds bestaande werklikheid, maar wat ook met oortuigde verwagting vooruitkyk na die volledige vervulling, wanneer elke knie voor Christus sal buig en God sal bely (vgl. Rom. 14:11).

Saam met hierdie belydenis bid die kerk ook onophoudelik: *Laat u koninkryk kom* (Mt. 6:10a). Volgens die Heidelbergse Kategismus (So. 48 v/a 123) vra

1. Yavor Rusinov, *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2024), 213-232.
2. Vir ’n oorsig oor die basiese standpunte en ’n vollediger uiteensetting van amillennialisme, lees gerus ds. Adriaan Bester se artikel op bl. 8.

hierdie bede dat sekere dinge in die hede sal gebeur, terwyl dit terselfdertyd ook vooruitkyk na iets wat nog moet gebeur. Hierdie bede gaan uit van die veronderstelling dat Christus reeds Koning is. Op grond hiervan vra gelowiges dat Hy sy koningskap sal bevestig en sy koninkryk sal uitbrei. Hulle bid eerstens dat sy heerskappy in hul eie lewens sal toeneem, maar vra terselfdertyd dat Hy sy koninkryk sal uitbrei deur die kerk te vermeerder en die werke van die duiwel te vernietig: 'n Bede vol verwagting – nie net oor dinge wat in die toekoms gaan gebeur nie, maar wat nou reeds besig is om te gebeur.

Cornelis Venema wys daarop dat daar selfs onder amillennialiste meningsverskille is – party is meer pessimisties en ander meer optimisties oor die evangelie van Jesus Christus se triomf onder die nasies.[3] Watter beskouing pas die beste by gelowiges se belydenis oor Christus se heerskappy en hul bede vir die koms van die koninkryk?

### Pessimistiese eindtydbeskouing

Herman Bavinck se beskrywing van die eindtyd dien moontlik as onderbou vir 'n meer pessimistiese eindtydbeskouing:

> *Jezus kent maar twee aeonen, de tegenwoordige en de toekomende. In de tegenwoordige eeuw hebben zijne discipelen niet anders dan verdrukking en vervolging te wachten en moeten zij alles om zijnentwil verlaten. Nergens voorspelt Jezus aan zijne jongeren eene heerlijke toekomst op aarde vóór de voleinding der wereld; integendeel, zooals het Hem gegaan is, zal het ook zijne gemeente gaan ...*[4]

Hiervolgens sal boosheid, vervolging, opstand teen God en afvalligheid in die kerk toeneem. Die evangelie sal aan alle nasies verkondig word, maar die ware gelowiges sal altyd die minderheid ('n getroue oorblyfsel) wees, terwyl die wêreld die kerk grootliks vyandiggesind sal wees. Kortom: Gelowiges moet hul koppe maar af hou, vasbyt en hoop (en bid) dat die einde spoedig sal kom.

Hoewel die Bybel hierdie standpunte ondersteun, is dit 'n vraag of dit ons pessimisties moet laat. Die gevolge van 'n pessimistiese eindtydbeskouing kan verlammend vir die kerk én haar werk in die eintyd wees, wat dikwels meebring dat die belydenis oor Christus se heerskappy in gedrang kom. Dan word die belydenis tot 'n soort geestelike heerskappy beperk wat in elk geval eers met die wederkoms werklik in vervulling sal gaan. Die bede dat die koninkryk sal kom, is dan meer op die toekoms as die hede gerig. 'n Pessimistiese beskouing laat alle klem in hierdie bede op die wederkoms van Christus val en nie soseer op die vermeerdering van die kerk, met ander woorde, die uitbreiding van die koninkryk gedurende die eindtyd nie.

Gelowiges en kerke met 'n pessimistiese eindtydbeskouing is dikwels ongemotiveerd. Hulle is negatief oor iets soos sendingwerk, want is dit nie tevergeefs om die evangelie te verkondig in 'n wêreld wat die Christendom vyandiggesind is nie? Sodanige beskouing is huiwerig om aktief betrokke te wees om alternatiewe (Christelike) samelewings waarin Christus heers (bv. Christelike skole en instellings), te vestig, want ook dít is tevergeefs! Sodanige beskouing het daarby dikwels 'n maklike antwoord vir kwynende kerke: "Dit is maar die Here wat besig is om sy kerk te suiwer." Sulke kerke handhaaf maar net die status quo, want hulle sien nie kans om katedrale te bou wat 200 jaar gaan vat om te voltooi nie. Só word innovering en hoopvolle vooruitgang gestrem.

### Optimistiese eindtydbeskouing

Hierteenoor staan 'n optimistiese eindtydbeskouing. Dit neem 'n bladsy uit die boek van postmillennialisme sonder om noodwendig 'n toekomstige goue era vir die kerk te verwag. Dit is egter 'n beskouing wat nie Christus se heerskappy en die bede om die koms van die koninkryk, hoofsaaklik futuristies verstaan nie. Dit is ernstig oor die belydenis dat Christus regeer en waarlik alle mag in die hemel én op die aarde het.

Gelowiges met hierdie eindtyd-beskouing bid nie net dat sy koninkryk ééndag sal kom nie, maar beywer hulle vir die uitbreiding van die koninkryk hier op aarde. Christus se opdrag dat die kerk smaak moet gee en verderf moet teëwerk (sout van die aarde), die boosheid van die wêreld moet verlig (lig van die wêreld) en die wêreld toenemend moet beïnvloed en verander (suurdeeg), gaan juis uit van 'n optimistiese eindtydbeskouing. Dit werk, dit bou, dit verkondig, dit stel die alternatief, want Christus regeer rééds as Koning. Die triomf van die Bruidegom is aansteeklik en lei tot ongebreidelde optimisme by die bruid.

3. Cornelis P. Venema, *The promise of the future* (Edinburgh: Banner of Truth, 2000), 239.
4. Herman Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek Vierde Deel* (Kampen: JH Bos, 1901), 458.

## LERAARS

### Beroepe aanvaar

- Prop. Pieter van Deventer na Grootfontein (Tvl.) in bedieningsooreenkoms met Delmas.
- Prop. Peet Schutte na Hoëveld-Ermelo.

### Beroepe bedank

- Prop. Pieter van Deventer na Pretoria-Oos.

## BEDIENINGSOOREENKOMSTE

- Rustenburg en Derby: 01/01/2025.
- Marble Hall en Roedtan: 01/03/2025.

## CVO-SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskynings-datum |
|---|---|---|
| Junie 2025 | 16 April | 26 Mei |
| Julie/Augustus 2025 | 8 Mei | 23 Junie |
| September 2025 | 10 Julie | 25 Augustus |
| Oktober 2024 | 15 Augustus | 25 September |
| November 2024 | 18 September | 27 Oktober |
| Des 2025/Jan 2026 | 15 Oktober | 25 November |

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2025

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 6-9; Exodus 12 | Matthéüs 21-23 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Númeri 22-24 | Lukas 4-5; Johannes 10-11 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Rut 1-4 | Handelinge 4-6; Filippense 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 8-10; 1 Konings 3 | 1 Thessalonicense 1-5 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Levítikus 1-3; Nehemía 1-4 | Jakobus 4-5; 1 Petrus 3-4 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 4-6; Jes. 12-14 | 1 Johannes 1-3 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Hoséa1-3; Joël 1-2; Job 5 | Efésiërs 1-2; Hebreërs 5-6 | Les 1-9 (nuwe boek) |
| **Graad 11** | Miga 1-3; Nahum | Romeine 9-11; 2 Korinthiërs 1-3 | Les 1-9 (ou of nuwe boek) |
| **Belydende lidmate** | Exodus 32-34; Nehemía 1-4 | Hebreërs 11-13; Openbaring 5-8:2 | NGB: Artikels 30-32 |


## Wil jy 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers doen?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632 005

*Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer*

**www.liginduisternis.co.za**



# Moenie onkundig wees nie

**Ds. Nico Grobler**[1]

**Skriflesing:** 1 Thessalonicense 4:13-18 • **Sang:** Gesang 391:1-5

Vandag heers daar steeds verwarring onder sekere gelowiges oor die dinge wat volgens die Skrif nog moet en gaan gebeur. Die apostel Paulus spreek hierdie verwarring in sy brief aan die Thessalonicense aan. Daar was verwarring onder hulle oor wat met gelowiges (Christene) gaan gebeur met die wederkoms van Jesus Christus – wanneer Hy dié wat in Hom glo, kom haal.

Die Thessalonicense was verward omdat van die lidmate al gesterf het, terwyl die wederkoms nog nie plaasgevind het nie en ander nog geleef het. Hulle het gewonder wat die lot van die afgestorwenes by die wederkoms sou wees. Gaan dié wat met die wederkoms leef, die afgestorwenes voor wees? Om 'n oplossing vir hierdie probleem te kry, is dit belangrik dat ons in die eerste plek weet wat die evangelie van Jesus Christus ons leer.

God het die mens in sy ellende raakgesien. Deur sy eie toedoen kon die mens nie regverdig (sonder sonde) wees nie en daarom kan hy nie in God se teenwoordigheid kom om Hom te verheerlik en aan Hom eer te bring nie. Dit beteken dat behalwe vir God Drie-enig en die hemelwesens, die hemel leeg sou wees. Daar sal geen mens in die hemel kan wees nie, *want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God* (Rom. 3:23).

Hierdie dilemma word deur God se liefde oorbrug en in sy Seun Jesus Christus opgelos. Ons sien sy liefde in die woorde van Johannes 3:16 opgeteken: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Dit word ook deur Romeine 5:8 beklemtoon:

***God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.***

Jesus Christus is deur God die Vader gestuur om aan die kruis vir ons sondes te sterf sodat ons regverdig kan wees. Sonder dié offer kan niemand deur God regverdig verklaar word en in sy teenwoordigheid kom nie. Ons sondes word in Jesus Christus se sterwe en opstanding vergewe.

Op die derde dag het Christus uit die dood opgestaan en die dood oorwin. Daardeur het Hy die mag wat die sonde en die houvas wat Satan deur die dood op ons het, oorwin. Gelowiges het dus in Christus vir hul sonde gesterf (v. 16), maar ook in Hom tot die nuwe lewe opgestaan, en is deur Hom geheilig. Ons lees in 1 Petrus 3:18: *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees.* In Romeine 8:11 lees ons: *En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*

Toe Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy aan sy dissipels beloof dat soos hulle Hom op die wolke sien opvaar het, hulle

Hom ook weer op die wolke sal sien neerdaal om hulle te kom haal om saam met Hom by sy Vader in die hemel te wees. Dit is die evangelie van Jesus Christus wat oorspronklik aan die Thessalonicense verkondig is. In die gemeente het die vraag ontstaan: Wat van dié wat reeds met die wederkoms van Jesus Christus dood is? Gaan hulle nie benadeel word nie? Paulus verseker hulle met die woorde:

> ***Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie*** **(v. 13).**

Dié wat met die wederkoms nog leef, sal nie beter af wees as dié wat reeds gesterf het nie.

Om in Christus te sterf en op te staan, het twee toepassings: Die eerste is om in die Gees in Christus te sterf en op te staan. Die tweede is om fisies in Christus te sterf en op te staan.

Om in die Gees te sterf, beteken dat ons vir die sonde dood is en dat die sonde nie meer 'n houvas op ons het nie omdat Christus in wie ons sterf, die straf vir ons sonde op Hom neem en namens ons betaal. Ons kan dus nou as verlostes leef, omdat ons skuld betaal is. Omdat daar vergifnis van sonde is, bely ons ons sonde in berou met die voorneme om daarteen te stry en dit te laat staan.

Om in die Gees in Christus op te staan, beteken dat Christus met sy opstanding die mag van die sonde oor ons verbreek het. Nou leef ons in hierdie lewe na die Gees deur teen die sondige vlees te stry. In die eerste deel van Romeine 8 skryf Paulus oor die stryd tussen die vlees en die Gees. *Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees* (Rom. 8:3).

Om fisies in Christus te sterf, beteken om aan die einde van ons aardse lewens te sterf as verlostes wat in die geloof op die weg van heiligmaking volhard het, en deur die hulp van die Heilige Gees die stryd teen Satan en die sonde tot en met die dood gevoer het. Dit laat ons dan fisies in Christus opstaan nadat ons in hierdie lewe gesterf het (v. 16). Ons word weer lewend gemaak deur dieselfde Gees wat Christus opgewek het, om in Hom verheerlik te word deur vir ewig in die teenwoordigheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees te leef. Dit is waar ons die volmaaktheid bereik, waar God óns God is en ons vir Hom 'n volk in sy teenwoordigheid sal wees. Dáár sal geen trane, dood, droefheid, geween en moeite wees nie.

Ons leef dus in Christus en ons sterf ook in Hom. By die wederkoms sal dié wat reeds dood is, eerste met verheerlikte liggame opgewek word en dan sal dié wat nog leef, ook verheerlik word en saam met dié wat opgewek is, weggevoer word die Here Jesus tegemoet in die lug (v. 17). Dié wat reeds dood is en dié wat nog leef, sal met die wederkoms saam weggevoer word.

Wie die evangelie en die genade in Jesus Christus ontvang het, hoef nie onseker te wees oor wat met die wederkoms sal gebeur nie. Wat belangrik is, is dat ons te alle tye vir die koms van Jesus Christus gereed sal wees, sodat ons nie onkant gevang word as ons sterf nie, en ook nie agtergelaat word wanneer Hy kom om ons te kom haal nie. Wees gereed! ☺

1. Leraar van die AP Kerk Rustenburg en in bedieningsooreenkoms met die AP Kerk Derby.






PROF. KOOS ADENDORFF[1]

# ’N GEBALANSEERDE BENADERING: Luister beter na mekaar met die Skrif as maatstaf

Ons is gewoond om, veral by ’n ernstige siekbed, te sê: “Waar lewe is, is hoop.” Die Bybel leer ons egter om ook te sê: “Waar hoop is, is lewe.” Daarmee word die belangrike rol wat die Christelike hoop in die lewe van die Christen speel, beklemtoon. Sy hoop is ’n krag wat hom ten spyte van teenstand en moeilikhede laat voortbeur, omdat hy die onsienlike sien. Sy krag vind verdere versterking in die feit dat sy medegelowiges dieselfde hoop met hom deel. Efésiërs 4:4 wys ons immers op die saambindende krag van die hoop wanneer dit klem lê op die feit dat ons *geroep is in een hoop van julle roeping.*

## Eenheid: Christelike hoop bedreig

Wat is hierdie hoop? Die Christelike hoop is ten nouste met die Bybelse boodskap oor die eindtyd vervleg. Wanneer ons oor die eindtyd praat, het ons met die eskatologie te doen, of anders gestel, met die leer van die einddinge. Die probleem is dat Christene Bybelse gegewens oor die eindtyd uiteenlopend interpreteer. Mettertyd het drie basiese sienings na vore gekom, wat almal verband hou met Openbaring 20 se uitspraak oor ’n duisend jaar van vrede wat sal aanbreek. In die besonder loop die gedagtes uiteen wanneer dit gaan oor Christus se wederkoms in verhouding tot die duisend jaar. Daar is ook ’n skerp meningsverskil oor die aard van die duisendjarige ryk: Moet dit letterlik of figuurlik verstaan word? Die drie sienings het bekendheid verwerf as pre-, post- en amillennialisme.[2] In kort gestel:

**Premillennialiste** (pre- of voor) glo die duisend jaar is ’n letterlike regering van Christus op hierdie aarde wat deur sy wederkoms voorafgegaan sal word.

**Amillennialiste** (a- beteken “sonder”) glo die duisend jaar verwys na die tydperk tussen Christus se hemelvaart en wederkoms en verstaan dit meer geestelik. Daar is dus nie ’n fisiese aardse ryk van ’n duisend jaar nie.

**Postmillennialiste** (post- of ná) reken dat Christus se wederkoms aan die einde van ’n toekomstige aardse ryk van duisend jaar sal plaasvind. Sommige postmillennialiste verstaan hierdie duisend jaar nie letterlik nie, maar simbolies as ’n tydperk van vrede onder die Christusregering.

Hierdie verskil in interpretasies bring op sy beurt verdeeldheid en vervreemding onder Christene, omdat hulle mekaar op grond van die onderskeie sienings etiketteer en selfs veroordeel. Die eenheid van Christene insake die hoop wat ons koester, kan egter herwin word wanneer ons op die gemeenskaplike elemente in die verskillende sienings, in stede van die verskille fokus.

## Eenheid: Christelike hoop herwin

Wat is die sake ten opsigte van die Christelike eskatologie waaroor die drie sienings saamstem?

***God se soewereine heerskappy:*** Al drie sienings stem saam dat die wêreldgeskiedenis onder die opperheerskappy van God staan en dat Hy uiteindelik sy Goddelike doel met sy skepping sal bereik.

***Geloof in Christus se wederkoms:*** Al drie sienings handhaaf die oortuiging dat Jesus Christus in die toekoms fisies na hierdie aarde sal terugkeer. Dit is ’n sentrale

beginsel van die Christelike eskatologie. Hulle mag oor die tydstip en wyse van die wederkoms verskil, maar oor die sekerheid daarvan en die feit dat dit sentraal in die vervulling van God se verlossingsplan staan, is daar geen verskil nie.

***Idee van die "millennium":*** Al drie sienings handhaaf die gedagte van 'n millennium, met ander woorde, 'n tydperk waartydens Christus se regering as 'n werklikheid ervaar sal word. Christus se koningskap oor die aarde en sy bewoners word dus deur almal erken.

***Kenmerke van die laaste tyd:*** Al drie sienings deel in 'n meerdere of mindere mate die volgende kenmerke in die aanloop tot die laaste oordeel: (1) Die opgestane, verheerlikte en triomferende Christus is beskikkend by sy kerk teenwoordig. (2) Satan stry verwoed teen Christus en sy kerk. (3) Satan gebruik die Antichris en vals profeet in sy stryd. (4) Hierdie stryd beteken vir talle gelowiges martelaarskap. (5) Gelowiges moet (en kan) volhard, want Christus het (en sal) oorwin.

***Opstanding:*** Al drie sienings bevestig hul geloof in die opstanding van die dode, hoewel hulle oor die volgorde en tyd verskil.

***Goddelike oordeel:*** Al drie sienings stem ooreen dat Christus se terugkeer 'n oordeel oor die lewende en die dode insluit.

***Skriftuurlike basis:*** Al drie sienings het 'n hoë agting vir die Skrif en baseer hul oortuigings op Bybelse interpretasie, hoewel hulle verskillende Skrifgedeeltes beklemtoon en in hul verklarings daarvan verskil.

***Hoop vir die toekoms:*** Ten spyte van die feit dat die drie perspektiewe oor hul siening van die eindtyd verskil, is al drie oortuig van die uiteindelike en finale oorwinning van God se koninkryk en dat Satan volledig verslaan sal word.

## Eenheid: Christelike hoop gehandhaaf

In die lig van die voorafgaande aanduiding dat daar meer is wat die verskillende sienings aan mekaar bind as wat hulle van mekaar skei, wil hierdie artikel 'n pleidooi vir 'n gebalanseerde benadering rig. Wat is daarvoor nodig?

### *Nederigheid*

Ons moet erken dat ons nie al die kennis rakende die eindtyd in pag het nie. Daar is baie wat die Here in sy wysheid nie aan ons geopenbaar het nie. Wat Hy wel geopenbaar het, is ook nie altyd ewe maklik om te verstaan nie. Die probleem lê nie by sy openbaring (m.a.w. die Bybel) nie, maar by ons verstaansprosesse. Al dié faktore noop ons om meer nederigheid aan die dag te lê wanneer ons oor die interpretasie van die Skrif praat.

Dit is ook 'n werklikheid dat mense wat 'n ander siening handhaaf, nie naïef en oppervlakkig met die Skrif omgegaan het nie. Elkeen van die sienings probeer erns maak met die tersaaklike Skrifgedeeltes en dit in die perspektief van die hele Skrif verstaan. Daarom word studies in elke siening gevind wat van groot geleerdheid getuig. Om iemand anders se standpunt sommer net af te maak as ongeldig sonder om (1) deeglik kennis van die argumente vir die standpunt te neem en (2) weloorwoë teenargumente aan te voer, skep die indruk van arrogansie. Dit is 'n Christen onwaardig.

### *Studie*

Bybelse eskatologie is 'n omvattende studieveld wat sy geheime nie sonder harde werk ontbloot nie. 'n Mens kan nie vinnig antwoorde op Wikipedia probeer vind en jou dan as 'n kenner op die gebied beskou nie. Skrifgegewens oor die saak moet in diepte bestudeer word met gebruikmaking van betroubare en kundige hulpmiddels (Bybelse woordeboeke, leksikons, kommentare, monograwe, ens.). Lees ook ander se standpunte. Vanuit sodanige studies kan sinvolle en liefdevolle gesprekke met verteenwoordigers van ander sienings gevoer word.

### *Fokus*

Die Skrif wil gelowiges lei om die wêreld en die wêreldgeskiedenis vanuit die perspektief van God en sy opperheerskappy te sien. Hy het 'n fyn uitgewerkte verlossingsplan wat stelselmatig ontvou is sy hoogtepunt in Christus se eerste koms gevind het en sy volkome en finale vervulling met Christus se wederkoms sal bereik. In hierdie verlossingsplan speel die kerk, as liggaam van Christus, 'n sentrale rol om die evangelie wêreldwyd te verkondig en Christus se heerskappy op elke lewensterrein te bevorder. Laat ons daarmee besig wees, terwyl ons die oë op die wolke gerig hou, vanwaar ons ons Koning verwag! ☺

---

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos en dosent in Ou Testament aan die AP Akademie.
2. Vir 'n uitgebreide bespreking van die drie standpunte, kyk bl. 8.



# Premillennialisme, postmillennialisme en amillennialisme: Wat is die verskille?

**Ds. Adriaan Bester**[1]

**Hierdie artikel poog om ’n kort oorsig oor die drie hoofstrome of vernaamste standpunte in die eskatologie te gee:[2] premillennialisme, postmillennialisme en amillennialisme.**

Die woord “millennium” is prominent, want dit gaan in elkeen van hierdie denkstrome oor ’n verstaan van die millennium, oftewel die duisend jaar waarvan ons in Openbaring 20:1-3 lees: *EN ek het ’n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ’n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan ’n kort tydjie ontbind word.* Hoe moet ons hierdie duisend jaar verstaan?

## Premillennialisme

Premillennialisme loop gewoonlik hand aan hand met dispensasionalisme, wat Openbaring as ’n streng chronologie van gebeure interpreteer. Volgens hierdie interpretasie kan die Bybel en die wêreldgeskiedenis in sewe tydperke (dispensasies) ingedeel word: (1) die tydperk van onskuld voor die val van Adam en Eva; (2) die tydperk ná die val tot by Noag; (3) die tydperk van Noag tot Abraham; (4) die tydperk van die belofte wat strek van Abraham tot Moses; (5) die tydperk van die wet wat strek van Moses tot Christus; (6) die tydperk van genade of die kerk, waarin ons tans leef en (7) die koninkrykstydperk of duisend jaar.[3] Volgens hierdie verstaan moet alle Bybelprofesieë soos Daniël, Eségiël en Openbaring letterlik verklaar word. Openbaring 1-3 handel hiervolgens oor die kerktydperk. In Openbaring 4 word die kerk weggeraap en van die wêreldtoneel verwyder, terwyl Openbaring 4-22 oor die toekomstige gebeure handel: die groot verdrukking en die wederkoms van Christus.

**Premillennialiste leer dat daar met die wederkoms van Christus ’n duisend jaar van vrede sal aanbreek. By sy wederkoms sal gelowiges opstaan en saam met Hom in die aardse Jerusalem heers.**

In hierdie tydperk sal daar ’n massabekering onder die Jode plaasvind. Ná hierdie duisend jaar word Satan wel weer vir ’n kort tydperk op die aarde losgelaat, maar word uiteindelik finaal verslaan. Die moderne staat Israel en die Joodse nasie speel ’n belangrike rol in hierdie eindtydbeskouing en daarom is daar binne hierdie geledere ’n groot belangstelling in Israel en die Jode. Nuusgebeure word dikwels in verband gebring met voorspellings uit Openbaring en daar word gedurigdeur met groot toewyding en erns na die tekens van die tye gesoek.

Een van die kernleerstellings van premillennialste is die wegraping. Uit tekste soos Matthéüs 24:40: *Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat* en 1 Thessalonicense 4:17: *Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees*, word afgelei dat daar ’n geheime wegraping van die kerk sal wees. Dit moet egter genoem word dat daar nie eenstemmigheid onder premillennialiste bestaan oor wanneer presies die wegraping sal plaasvind nie. Sommige leer dat dit voor, midde of ná die groot verdrukking sal plaasvind en staan kortweg bekend as *pre-trib, mid-trib of post-trib* (*trib* word afgelei van die Engelse woord vir verdrukking: *tribulation*). Die aanhangers van ’n voor-verdrukkingwegraping glo dat

die kerk van die wêreldtoneel verwyder en die groot verdrukking gespaar word sodat God primêr met Israel kan werk. Ná die wegraping volg daar volgens hulle dan sewe jaar van verdrukking. Wegraping en wederkoms word as twee afsonderlike gebeure of 'n gebeurtenis in twee fases verstaan. Christus kom eers in die geheim om gelowiges, oftewel sy ware kerk, weg te raap en later kom Hy sigbaar op die wolke. Premillennialisme is dus heeltemal gefokus op toekomstige gebeure en die toekomstige vervulling van Bybelse profesieë.

Premillennialisme is in die geskiedenis van die kerk 'n redelik onlangse eskatologiese denkrigting. Die wegraping, duisendjarige vrederyk of chiliasme, die merk van die dier en die Antichris, wat so sentraal is tot die premillennialisme, is begrippe wat nie so algemeen bekend was in Protestantse kringe nie. Premillennialisme en dispensasionalisme het veral in die vroeë 19de eeu opgang gemaak. Ten tye van die Eerste Wêreldoorlog het dit gewildheid verwerf en in die 20ste eeu wyer aanvaarding begin geniet. Dit is verder gepropageer en het die verbeelding van die wêreldwye Christendom aangegryp deur skrywers soos Tim la Haye en Jerry B Jenkins met hulle *Left Behind*-reeks, wat meer as 65 miljoen eksemplare van boeke, dvd's en strokiesprentboeke verkoop het.[4] Die stilswye van teoloë van die ander twee beskouings het tot die groei en toename van aanhangers van premillennialisme bygedra. Prominente teoloë en predikers, soos dr. John Macarthur van Amerika, verkondig premillennialisme met groot welsprekendheid en werf wêreldwyd aanhangers vir hierdie siening, terwyl post-millennialiste en amillennialiste in vergelyking swyg.

## Postmillennialisme

'n Tweede benadering tot die eskatologie is postmillennialisme, wat leer dat Christus se wederkoms eers ná die duisend jaar waarvan Openbaring 20 praat, sal plaasvind. Klassieke postmillennialisme is optimisties in toekomsverwagting en sien die millennium as 'n glorieryke tydperk wat reeds deur die Ou Testamentiese profete voorspel is. Die millennium het vyf noodsaaklik kenmerke: (1) deur die prediking van die evangelie en die uitstorting van die Heilige Gees sal daar groot herlewings kom en die Christendom sal ongekende groei beleef; (2) gedurende hierdie duisend jaar sal die invloed van die Christendom tot wêreldvrede en ekonomiese welstand lei; (3) groot getalle etniese Jode sal tot geloof in Christus kom; (4) aan die einde van hierdie duisend jaar sal daar 'n kort tydperk van afvalligheid kom; (5) aan die einde van die duisend jaar sal Christus se wederkoms plaasvind en deur die opstanding en die finale oordeel gevolg word.[5]

**Postmillennialiste is dit nie eens of hierdie millennium 'n letterlike duisend jaar is, en of dit eensklaps of geleidelik sal aanbreek nie.**

Daar bestaan ook menings-verskille oor die volgende gebeure – die bekering van Israel (vgl. Rom. 9-11), die bind van Satan (vgl. Openb. 20), en die oorwinning oor die Antichris – wat die millennium sal inlei. Die meeste hedendaagse postmillennialiste sien die aanvang van die millennium iewers in die hede. Hulle glo dat die koninkryk van God in hierdie tydperk oor die koninkryke van die wêreld sal triomfeer.

'n Interessante verskynsel onder postmillennialiste is preterisme. Preteriste glo dat die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C. die vervulling van Jesus se diskoers op die Olyfberg in Matthéüs 24-26 en van die profesieë in Openbaring is. Terwyl die meeste postmillennialiste preteriste is, is daar tog sommige in hul geledere wat glo dat van die profesieë in Openbaring nog in die toekoms vervul moet word.[6]

Die ou Puriteine van Engeland was byna almal postmillennialiste en in die tydperk van 1870 tot ongeveer 1915, was dit die mees algemene beskouing onder Protestante in Amerika. Maar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Depressie, die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog en Hiroshima, het die optimisme van postmillennialisme plek gemaak vir pessimisme en 'n vatplek gegee vir die verwagting van onheil van die kant van premillennialisme en dispensasionalisme.

## Amillennialisme

Teenoor premillennialisme en postmillennialisme sien amillennialisme die millennium of

1. Leraar van die AP kerke Barkly-Oos/Steynsburg/Tarkastad/Stormberg.
2. Eskatologie is die studie van die eindtyd.
3. K. Riddlebarger, *A case for Amillennialism* (Grand Rapids: Baker Books, 2013), 33.
4. Riddlebarger, 35.
5. Riddlebarger, 37.
6. Riddlebarger, 38.

duisend jaar van Openbaring 20 as die hele tydperk tussen Christus se vleeswording en wederkoms. Ons is dus tans ín daardie duisend jaar wat ons die "eindtyd" noem. Amillennialiste glo dus nie dat die duisend jaar letterlik verstaan moet word of dat Christus in die aardse Jerusalem sal heers nie. Hierdie benadering tot die verstaan van die Bybelprofesieë, soos vervat in Daniël, Eségiël en Openbaring, maak gebruik van gereformeerde hermeneutiese beginsels waar Skrif met Skrif in sy geheel uitgelê en verklaar word. In plaas daarvan dat die Bybel verdeel en tekste geïsoleer word, word die Bybel, Ou én Nuwe Testament, as die één boek van die één God oor die één verlossingsgeskiedenis benader.[7] Ou en Nuwe Testament word as 'n eenheid gesien. God se verbond in Christus is die goue draad wat deur die hele Skrif loop. Daarom vind ons nie in hierdie beskouing 'n oormatige beklemtoning van die rol van etniese Israel of die Jode nie, maar eerder 'n fokus op die kerk van Christus, bestaande uit gelowige Jode en nie-Jode, die ware Israel van God (vgl. Gal. 6:16). In hierdie benadering is daar nie 'n krampagtige gesoek na die tekens van die tye in nuus- en wêreldgebeure nie, want sentraal tot hierdie beskouing is die vertroostende wete dat Christus reeds heers. Hý is die Een wat die boekrol in sy hande hou. Hy is die Een wat die seëls oopmaak. Christus het Satan rééds oorwin en deur sy opstanding uit die dode gebind.

**In plaas daarvan om die duisend jaar te sien as 'n tyd van volmaakte vrede, soos deur die voorafgemelde twee sienings, word dit eerder gesien as 'n tyd waarin daar 'n spanning tussen lig en duisternis heers.**

Die kerk op aarde is 'n lydende en strydende kerk. Die goeie en goddelose bestaan langs mekaar in hierdie wêreld tot met die wederkoms van Christus. Eers ná sy wederkoms breek die volmaakte koninkryk van God aan.[8]

Openbaring en die duisend jaar word dus simbolies geïnterpreteer. Daarom is daar nie 'n streng chronologie van gebeure nie. Aan die einde van die eindtyd word Satan ontbind, 'n groot afvalligheid ontstaan, die opstanding van al die dode vind plaas en Christus sal weer kom om te oordeel oor die lewende en die dode en om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te vestig. Die leer van die wegraping word in totaliteit verwerp, want daar word geglo dat Christus slegs een keer weer sal kom.[9]

In die lang geskiedenis van die Christelike kerk was amillennialisme nog altyd die meerderheidbeskouing. In Augustinus se bekende werk, *Die stad van God* uit die 5de eeu, vind die beginsels van amillennialisme reeds beslag. Reformatore soos Luther, Calvyn, Melanchthon, Knox en andere se eindtydbeskouing was baie naby aan wat ons vandag as amillennialisme ken. Abraham Kuyper (1837-1920), die gereformeerde teoloog en staatsman van Nederland, was waarskynlik die eerste persoon om die term amillennialisme te gebruik. Geerhardus Vos het aan hierdie benadering tot die eskatologie 'n kenmerkend gereformeerde klem in sy Bybelse teologie gegee. Hierdie benadering of standpunt is dus diep gewortel in die historiese Christelike geloof, en word deur die meerderheid gereformeerdes aanvaar en onderskryf.

## Slot

In Matthéüs 24:36 sê die Here Jesus: *Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.* As Hy na sy mensheid self nie alles weet nie, moet ons versigtig wees om met Openbaring om te gaan asof óns al die wysheid en kennis in pag het. As ons met Openbaring besig is, moet dit altyd in groot nederigheid wees met 'n diepe besef van ons eie onvermoë en gebreke as mense wat maar ten dele ken en verstaan. Ons moet Openbaring met verantwoordelikheid en versigtigheid in die lig van die boodskap van die hele Bybel lees. Daar staan dinge geskryf wat nie eens die grootste teoloë kan verstaan of verklaar nie. Baie mense vrees Openbaring en vermy dit eerder, maar dit mag ook nie. Ons moet dit lees en daarvan probeer sin maak. Te midde van al die onduidelikheid en onsekerheid, is daar tog groot troos en gerusstelling vir gelowiges in hierdie laaste Bybelboek. Ongeag al ons verskille, is ons dit eens dat Openbaring ook deel is van God se Woord en dat dit die belofte inhou dat Christus weer sál kom. Dit is ons hoop en verwagting.

7. J.A.E. Adendorff, *Openbaring – die boek van die voleinding* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2022), 2.
8. J. Du Rand, *Die A-Z van Openbaring* (Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy, 2007), 553.
9. Riddlebarger, *A case for Amillennialism*, 40.

# SMELTOOND

• *Mei 2025* • **Deur Charlotte Möller**



# Moenie somme maak nie!

*Want baie sal onder my Naam kom ... en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van ... aardbewings ...* (Mt. 24:5-7).

Die aardbewing van 7,7 wat Mianmar en Thailand die afgelope tyd geskud het, is een van die sterkstes in 100 jaar. Gedurende Februarie het ’n 5,3-aardbewing die Griekse eiland Santorini getref. Dit is die eerste seismiese aktiwiteit van hierdie intensiteit sedert rekordhouding in 1964 begin is. ’n Aardbewing van 6,8 het die Himalajas in Januarie geskud. Die episentrum was sowat 80 km noord van die berg Everest en gedeeltes binne hierdie afstand het met tot 1,6 m geskuif. Sommige Christenteoloë meen dat die frekwensie en intensitiet van aardbewings besig is om toe te neem as teken dat die wederkoms op hande is. Steven Austin and Mark Strauss stem egter nie hiermee saam nie.[1]

Aardbewings is nie moderne verskynsels nie. In die Bybel lees ons van 17 aardbewings.[2] In die profeet Amos se tyd (750 v.C.) het ’n aardbewing van 8,2 plaasgevind (vgl. Amos 1:1), die sterkste gedokumenteerde aardbewing in die land Israel oor die laaste 4 000 jaar. Die episentrum was in Líbanon. Op die middag van 3 April 33, toe die Here Jesus sterf, was daar ’n groot aardbewing wat rotse laat oopskeur het (vgl. Mt. 27:51). God het aardbewings gebruik om van die belangrikste gebeurtenisse van die Bybel uit te lig, byvoorbeeld:

- Sy almag gedurende die skepping (vgl. Gén. 1:9-10). Op die derde dag van die skeppingsweek is die waters van die aarde in die oseaniese komme opgevang soos vastelande verskyn het. Die vastelande is opgehef en die seebodem afgedruk tydens ’n groot verskuiwingsproses wat die fondamente van die aarde gevestig het.
- Sy genadige herskepping met die sondvloed (vgl. Gén. 7:11). Hierdie was die grootste sedimentêre en tektoniese gebeurtenis in die geskiedenis van die planeet sedert die skepping. Een van die primêre fisiese oorsake was die fonteine van die groot watervloed, wat almal op ’n enkele dag oopgebreek is.
- Sy krag met die die dood (vgl. Mt. 27:51) en opstanding van sy Seun (vgl. Mt. 28:2). Die doel van die steen wat weggerol is, was nie om Christus se liggaam uit die graf te bevry nie, maar om mense te wys dat die graf leeg is.
- Sy oordeel oor die stede Sodom en Gomorra (vgl. Gén. 19:25) en oor Korag en sy rebelle (vgl. Núm. 16:31-33).
- Sy bevryding van Jónatan en sy leër (vgl. 1 Sam. 14:15) en Paulus en Silas uit die gevangenis (vgl. Hand. 16:26). Hier het die aardbewing hul getuienis aangaande die gebeure bevestig.
- Die onderrig van sy volk by Sinaiberg (vgl. Ex. 19:18).
- Sy voorsiening by Jérigo in die verowering van Kanaän (vgl. Jos. 6).
- Die bevestiging van sy profete se boodskappe, byvoorbeeld Elía (vgl. 1 Kon. 19:11) en Amos (vgl. Amos 5:18-20) en die bediening van die apostels en die kerk (vgl. Hand. 4:31).

In Matthéüs 24 onderrig Christus sy dissipels op die Olyfberg oor die laaste oordeel en die koms van die koninkryk. Hulle vra Hom wat die teken van sy koms en van die voleinding van die wêreld is (vgl. v. 3). In sy antwoord (vgl. v. 5-8) waarsku die Here hulle daarteen om rampe te sien as tekens dat die wederkoms op hande is. Hy beskryf hulle eerder as herhalende “geboortepyne” (smarte) kenmerkend aan die huidige tyd. Dit impliseer die voortdurende lyding van die kerk in die tussentyd. Soos met ’n geboorte, sal hierdie “geboortepyne” uiteindelik uitloop op die nuwe lewe. In die lig hiervan bemoedig Jesus hulle om nie bang te wees nie. Hy sê beslis nie dat hulle die frekwensie en intensiteit van aardbewings moet naspeur om die einde van alle dinge te bereken nie.

Anders as wat die meeste mense dink, wys data oor wêreldwye aardbewings eerder ’n afname sedert 1950. Verbetering in seismograaftegnologie het aardbewingopsporing verbeter, wat ’n verdere vals persepsie van verhoogde frekwensie skep. Een-en-twintig-eeuse tegnologie bring nuus oor aardbewings oombliklik tot in die voorkamer. Sosiale media verklap binne oomblikke daarna die sterftesyfer en binne ure is die voorspellings oor nóg sterftes op elkeen se lippe. Van mond tot mond eskaleer die afgryse oor die onontkombaarheid daarvan. Papier word nadergetrek en somme gemaak oor trillings wat die volgende “grote” gaan oplewer. Gelowiges moenie hierdeur ontredder word nie. Jesus sê self: “Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, net my Vader alleen. Hy beloof boonop: *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Mt. 28:20).😊

---

1. https://bit.ly/3Efus6s
2. https://bit.ly/4jubGYa



# Die apokaliptiese aard van Openbaring: 'n Hermeneutiese sleutel

**Dr. Barend Hefer**[1]

Die boek Openbaring behoort tot die apokaliptiese literatuur van die Bybel. Vanuit die staanspoor is apokaliptiese literatuur dikwels moeilik om te verstaan, omdat baie van die beelde daarin vir ons vreemd is. Dit is daarom nodig om enkele beginsels te stel vir die verstaan van sodanige literatuur in die algemeen, en meer in besonder met betrekking tot die boek Openbaring.

## Plek van apokaliptiese literatuur

Hierdie literatuur behoort tot 'n groter literatuurgroep. Binne poëtiese literatuur kry ons onder meer liedere/psalms, wysheidsliteratuur en profetiese literatuur. Apokaliptiese literatuur is 'n onderafdeling van profetiese literatuur. Met ander woorde, soos in poësie, kan ons stylfigure soos metafore, vergelykings, personifikasie, ensovoorts, verwag en soos met profetiese literatuur, kan ons beelde en beeldspraak verwag. Wat apokaliptiese literatuur egter van normale poësie en profetiese literatuur onderskei, is die intensiteit of oordrewenheid daarvan. As voorbeeld hiervan sal profetiese literatuur na die beeld van 'n draak verwys, terwyl apokaliptiese literatuur die beeld in sy beskrywing sal oordryf deur na 'n vuurrooi draak, met sewe koppe en tien horings te verwys.

## Beginsels vir Openbaring

Wanneer ons die boek Openbaring bestudeer, is daar binne die aard van apokaliptiese literatuur 'n paar beginsels wat ons in gedagte moet hou:

### *Beeldspraak*

Die eerste beginsel is dat apokaliptiese literatuur (soos poëtiese en profetiese literatuur) beeldspraak bevat en daarom figuurlik verklaar moet word. Hierdie beginsel word deur die boek self op die tafel geplaas in Openbaring 1:1 wat sê dat dinge aan Johannes "getoon" sou word. Telkens wanneer ons deur Openbaring lees, hoor ons die refrein "ek het gesien".

Hierdie beelde wat Johannes "sien", is ook nie bedoel om letterlik verklaar te word nie, maar figuurlik. Byvoorbeeld: Openbaring 4:5 verwys na die Heilige Gees as "sewe fakkels" voor die troon van God, en in Openbaring 5:6, wanneer Johannes Christus op die troon van God sien sit, sien hy "'n Lam".

### *Belang van getalle*

Die tweede beginsel wat aansluit by die eerste is dat getalle nie letterlik verstaan moet word nie. Apokaliptiese literatuur, en veral Openbaring, gebruik getalle in 'n figuurlike eerder as letterlike sin om 'n teologiese waarheid uit te beeld. Sommige getalle is "heel"/"vol" getalle wat insluit: *drie* as getal van God; *sewe* as 'n vol getal van 'n siklus (sewe seëls, sewe bakke, sewe trompette, sewe oordeeltonele[2]) of 'n vol getal van aard (sewe Geeste van God, sewe gemeentes); *tien* is soos sewe 'n getal van volheid van 'n reeks; *twaalf* wat sy idee van volheid aan die Ou Testament (twaalf stamme) en Nuwe Testamentiese kerk (twaalf apostels) ontleen.


Dan kry ons ook getalle waar hierdie "vol getalle" gekombineer word om getalle of tydperke van volheid te beklemtoon: *vier-en-twintig* ouderlinge;[3] *duisend* jaar;[4] *honderd-vier-en-veertigduisend*.[5]

Daar is ook ander getalle wat van belang is, soos *vier* wat die getal van die mens of skepping is;[6] *ses* of die herhaling soos *seshonderd-ses-en-sestig* wat die getal van die dier is;[7] of *duisend-tweehonderd-en-sestig* dae of *twee-en-veertig* maande of *drie en 'n halwe* dag of 'n tyd, tye en 'n *halwe* tyd wat almal verwys na 'n ingeperkte tyd waar God die mag van sy teenstanders inperk en verbreek.[8]

### *Achronologies en gefokus*

'n Derde beginsel is dat apokaliptiese literatuur nie chronologies gelees of verstaan behoort te word nie. Dit is eerder geneig om soos 'n kameralens in

en uit te fokus en fokuspunte te verskuif óf binne tyd (verlede, hede of toekoms), óf na gelang van ruimte (tussen hemel en aarde). Daarom kyk Openbaring na dieselfde geskiedenis vanuit sewe fokuspunte. Dit is soos sewe manne wat vanuit sewe hoeke na 'n olifant kyk en dit beskryf.




Hierdie sewe hoeke/visioene kan ook met 'n pendulum wat deurswaai, vergelyk word. Aan die begin van Openbaring is die klem baie op wat in die tyd van die vroeg-Christelike kerk gebeur het, met verwysings na die oordeelsdag wat kom. Hoe verder die boek vorder, hoe meer verskuif die fokus weg van die vroeg-Christelike kerk na die oordeelsdag. Teen die einde van die boek is die hooffokus meer op die oordeelsdag met verwysings na enkele gebeure tydens die era van die vroeg-Christelike kerk.

## *Ou Testament as sleutel*

'n Vierde beginsel is dat die Ou Testament gewoonlik die sleutel tot die verstaan van die beelde van Openbaring is. Die oorgrote meerderheid van beelde ontleen hulself aan die Ou Testament. Om dus die beelde in Openbaring te verstaan, moet ons verstaan wat die beelde in die Ou Testament verteenwoordig. Byvoorbeeld: Die troonvisioen in Openbaring 4 het heelwat ooreenkomste met die visioen van die strydwa van die HERE in Eségiël 1; die seemonster in Openbaring 13 is weer 'n kombinasie van die diere in Daniël 7; die beeld van Babilon in Openbaring 17 gryp terug na Génesis 11 as simbool van 'n rebellerende mensdom; die afmetings van die nuwe Jerusalem[9] stem ooreen met die afmetings van die Allerheiligste.[10] Hoe beter ons kennis van die Ou Testament, des te makliker om die beeldspraak van die boek te verstaan en te verklaar.

## *Heerskappy van Christus*

'n Laaste beginsel, wat dikwels misgekyk word, is dat die boek Openbaring nie bedoel is om 'n dagboek van wêreldgebeure te wees nie, maar eerder 'n getuienis dat Christus die een is wat die geskiedenis van die wêreld beheer en bestuur. Hierdie waarheid word telkens in die boek beklemtoon deur beelde wat sy koninklike mag uitbeeld, soos 'n goue band om sy bors (vgl. Openb. 1:13), sy sleutelmag (vgl. Openb. 1:18; 3:7), sy mag om die boekrol uit die hand van God te neem en die seëls oop te breek (vgl. Openb. 5:5), in sy oorwinning oor die dier en die valse profeet (vgl. Openb. 19:14-16) en talle ander beelde.

Ons moet onthou dat Openbaring geskryf is in 'n tyd van vervolging en die doel daarvan was om gelowiges te bemoedig. Hierdie bemoediging het gekom deur die boodskap dat nóg die duiwel, nóg bose magte, nóg konings in beheer is. Die Een wat in beheer was en steeds is, is Christus, wat as Koning van die konings vanuit die hemel regeer en alles tot uitvoering van God se raadsplan bestuur.

## Samevatting

Die boek Openbaring is 'n boek van troos en nie van duistere beelde en raaiselagtige drogbeelde nie. Dit is 'n boek wat bedoel is om verstaan te word en tot bemoediging van die kerk deur die eeue te dien. Ons moet daarom daarteen waak om "in te lees" en ons idees in te forseer, en eerder toelaat dat die beelde van hierdie troosboek hulself binne die lig van die res van die Skrif uitlê.

---

1. Leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan en dosent aan die AP Akademie.
2. Die sesde seël oopgebreek (Openb. 6:12-17); getuies en die sewende trompet (Openb. 11:11-19); insameling van die oes (Openb. 14:14-20); sewende bak uitgegiet op die aarde (Openb. 16:17-21); oordeel oor Babilon (Openb. 18:1-24); oordeel oor die dier en valse profeet (Openb. 19:11-21); oordeel oor die ganse skepping (Openb. 20:11-15).
3. 12+12: verwys na al die gelowiges in die Ou en Nuwe Testament.
4. 10x10x10: verwys na 'n volle tydperk wat deur God bepaal is.
5. 12x12x1000: verwys ook, soos in die geval van 24, na alle gelowiges soos deur God vooruit bestem.
6. Byvoorbeeld, die vier windhoeke van die aarde, vier lewende wesens.
7. Openb. 13:18
8. Openb. 11:2, 9, 11; 12:6, 14; 13:5.
9. Openb. 21:16 verwys na die lengte, breedte en hoogte van die stad as 12 000 stadion.
10. In die tabernakel was dit 10 el in sy lengte, breedte en hoogte (Ex. 26:15-25); en in die tempel later 20 el in sy lengte, breedte en hoogte (1 Kon. 6:16).



# Die wegraping

**Ds. Jannie Bisschoff**[1]

**Die wegraping is ’n leerstelling met uiteenlopende vertakkings en daarom moeilik definieerbaar, maar dit kom basies daarop neer dat Christus die gelowiges in die geheim van die aarde af sal wegvoer. Sodoende spring hulle die groot verdrukking vry (vgl. Mt. 24:21) wat kort voor die einde sal plaasvind, wanneer Satan volgens Openbaring 20 vir ’n kort tydjie ontbind word. Eers daarna sal dit die einde wees, wanneer die Here Jesus in heerlikheid verskyn.**

In effek kom dit daarop neer dat Hy twee keer kom: een keer in die geheim om die gelowiges te kom haal, en een keer in die openbaar om almal te oordeel. Met sy eerste wederkoms sit Hy nie sy voete op die aarde nie, maar met sy tweede wederkoms wel.

Die wegraping is vandag ’n gewilde leer, maar tog is dit ’n relatiewe jong leer. Dit het sedert 1830 begin veld wen te danke aan John Nelson Darby van Ierland. Vir ongeveer 1 800 jaar het die kerk dus vasgehou aan die wete dat Christus eenmaal op die wolke sal kom om te oordeel, maar binne ’n kwessie van ’n bietjie minder as twee eeue word aanvaar dat die meerderheid van die kerkvaders en almal wat op hulle gevolg het, nog altyd die Bybel verkeerd verstaan het. Kom ons beoordeel sommige van die stellinge van hierdie leer vanuit God se Woord.

## Net een wederkoms

Die Bybel ken net een wederkoms van die Here Jesus (vgl. Mt. 24:29-31). Vanaf die Ou Testamentiese profete se verkondiging van *die groot en vreeslike dag van die* H*ERE* (Mal. 4:5) tot by die einde van Openbaring (vgl. 19:11-16) word verklaar dat Christus eenmaal op die wolke sal kom. Dan sal Hy oor lewende en dode oordeel.

## Geen geheim nie

God se Woord skep verder nie die indruk dat die koms van Christus in die geheim sal gebeur nie. Paulus verklaar dat Hy uit die hemel sal neerdaal *met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God* (1 Thes. 4:16a). Die Here Jesus sê ook in Matthéüs 24:27:




Dit sal so duidelik wees soos weerlig wat in die wolke flits – almal sal dit sien en hoor. Waarom leer Hy dan in Matthéüs 24:42-44 dat dit (wederkoms) soos ’n dief in die nag sal kom? Hierdie beeld verwys na die tyd van sy koms en nie na die wyse nie. Ons weet nie wanneer die dief sal inbreek nie, maar as hy eers ingebreek het, weet ons tog hy het.

## Gelowiges word verdruk

Sal gelowiges die groot verdrukking van die laaste dae gespaar word? Voorstanders van die wegraping is oortuig dat dit die geval is. Hulle beroep hulle byvoorbeeld op die Here Jesus wat sê: *Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan* (Lk. 21:36). Hulle steun ook op Paulus se verklaring dat God ons nie tot toorn bestem het nie (vgl. 1 Thes. 5:9) en op die Here Jesus se versekering dat Hy ons in die uur van beproewing sal bewaar (vgl. Openb. 3:10). In aansluiting by die voorspoedsteologie word verkondig dat die gelowige se lewe tot aan die einde voorspoedig sal en behoort te wees.

Wanneer ons egter Skrif met Skrif vergelyk, sien ons duidelik dat gelowiges nie alle beproewinge vryspring nie. Inteendeel, Christus waarsku ons ook: *Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam* (Mt. 24:9). En terwyl hierdie dinge nog besig is om te gebeur, sê Jesus in die daaropvolgende verse, sal die wederkoms plaasvind. Die Here belowe om ons te midde van verdrukking te bewaar. Hy belowe nie om ons van álle verdrukking te vrywaar nie (vgl. Jes. 43:1-2).

### Eerste en tweede opstanding

Is die eerste opstanding van Openbaring 20:5 nie 'n onteenseglike bewys van die wegraping nie? Nee, die eerste opstanding vind plaas wanneer gelowiges met hul dood die hemel betree. Wat in hierdie verse vir ons beskryf word, is dus die heerlikheid wat vir ons met ons dood wag. Op die oomblik van sterwe sal ons siele "geestelik opstaan" om met Christus verenig te word.

Die "tweede opstanding" word wel nêrens in die Bybel pertinent genoem nie, maar die beginsel is tog daar. Dit is bloot die liggaamlike opstanding wat saam met die wederkoms van Christus plaasvind. Op daardie dag sal almal, gelowig en ongelowig, opgewek word.

### Weggevoer na die Here

Hoe moet ons Paulus verstaan wanneer hy sê dat ons *in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug* (1 Thes. 4:17)? Die gelykenis van die tien maagde in Matthéüs 25:1-13 gee vir ons 'n leidraad vir die regte verstaan.

Wanneer die bruidegom eindelik opdaag, gaan die vyf verstandige maagde uit om hom langs die pad te ontmoet (vgl. v. 6). Wanneer die meisies hom vind, draai die bruidegom nie om en ontvoer hulle nie. Hulle beweeg saam na die bruilof (vgl. v. 10) om in die feestelikheid te deel.

Dit is hierdie beeld wat Paulus gebruik om die gelowiges in Thessalonika te vertroos. Daar was sommige onder hulle wat hartseer was omdat hul gestorwe geliefdes klaarblyklik die triomf van Christus se wederkoms gaan misloop. Paulus verseker hulle dat die siele van gestorwe gelowiges reeds by Christus is. Met die wederkoms sal hul liggame opstaan en met hul siele herenig word. Op dieselfde oomblik word ook hulle wat nog nie ontslaap (gesterf) het nie, verander (vgl. 1 Kor. 15:51-54). Elke gelowige ontvang dus 'n verheerlikte liggaam. So gaan hulle dan die Here in die lug tegemoet (vgl. 1 Thes. 4:17). Die uitdrukking wat met *tegemoet* vertaal word, is 'n tegniese term vir die amptelike verwelkoming van 'n belangrike persoon. Daarna betree gelowiges van alle eeue saam met Christus en sy hemelse leër die nuwe Jerusalem, as teken dat hulle in sy oorwinning deel.

### Een aangeneem, die ander verlaat

In Matthéüs 24:36-42 vergelyk Christus die wederkoms met die dae van Noag. Hy sê die ongelowiges is deur die vloed *weggevoer* na die verderf, terwyl die gelowige Noag en sy gesin in God se genade agtergebly het om weer die aarde te bevolk. Dit was dus sleg om weggevoer te word, maar goed om agter te bly. Daardeur het die redding gekom.

Voorstanders van die wegraping beweer egter dat dit goed is om weggeneem te word en sleg om agtergelaat te word. Hulle grond hierdie siening op die volgende verse wat verklaar:

> ***Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat* (v. 40-41).**

Dieselfde woord wat hier met *aangeneem* vertaal word, het later in Matthéüs 'n baie negatiewe betekenis wanneer die Romeinse soldate Jesus saamneem om gekruisig te word (vgl. Mt. 27:27). So kan *verlaat* ook met "agtergelaat" vertaal word.

Dit is dus nie noodwendig die geval dat *aangeneem* of "saamgeneem" in 'n positiewe, en *verlaat* of "agtergelaat" in 'n negatiewe lig gesien moet word nie. Indien ons die konteks in gedagte hou, moet ons aanvaar dat ongelowiges in God se oordeel weggeneem word, terwyl gelowiges op die nuwe aarde agterbly om in die heerlikheid van die wederkoms te deel.

Ons sien dus dat die Bybel niks oor 'n wegraping leer nie. Tog is hierdie nie 'n saligheidskwessie nie. Daarom kan ons getuig van die waarheid wanneer ons hiermee gekonfronteer word, maar ons het nie nodig om in nuttelose stryery te verval nie. Solank elkeen Christus as Verlosser aanvaar, eindig ons tog almal op dieselfde plek: in heerlikheid saam met God.

1. Leraar van die AP Kerk Gordonia.



# Wat is die groot verdrukking?

**Ds. Ryno van As**[1]

In die Nuwe Testament lees ons op enkele plekke dat daar van die *laaste dae* gepraat word. Paulus skryf daaroor in sy tweede brief aan Timótheüs, wanneer hy sê dat daar swaar tye sal kom. In daardie *laaste dae* sal die mense hulleself liefhê, ja, hulself aanbid. Geldgierigheid, trots, ongehoorsaamheid, ondankbaarheid en onheiligheid sal hoogty vier (vgl. 2 Tim. 3:1-2). Nog 'n teksgedeelte waar daar van *laaste dae* gepraat word, kom in Handelinge 2:17 voor. Petrus verwys in sy toespraak op Pinksterdag na Joël se profesie:

> ***En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.***

Die bewoording *laaste dae* verwys nie noodwendig na gebeure wat in die verre, onbekende toekoms sal plaasvind nie. Dit beskryf ook nie gebeure wat net voor die wederkoms van Christus gaan ontplooi nie. Dit handel eerder oor die tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms. Dit is veral hierdie tydperk waarop die boek Openbaring fokus. Dit wil dus sê dat Christus, sy dissipels en die vroeë Christene dit al beleef het, en óns dit nou meemaak.

## Christus en die groot verdrukking

Die Here Jesus het in 'n uitspraak in Matthéüs 23:37-38 gebeure oor die stad Jerusalem bekendgemaak: *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!* Hy het ook aan sy dissipels vertel dat daar ... *sekerlik nie een klip op die ander gelaat* [sal] *word, wat nie afgebreek sal word nie* (Mt. 24:2). Hieroor wou die dissipels weet wanneer dit alles sou gebeur.

Die Here beskryf hierdie tyd soos volg: Daar sal baie mense wees wat beweer dat hulle die Christus is. Daar sal oorloë wees en peste, siektes, droogte, aardbewings en hongersnood sal die wêreld tref. *Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nie sal wees nie* (Mt. 24:21). So sal hulle weet dat die tyd vir Christus se koms naby is. Hierdie verskynsels waarvan die Here praat, sal al in hulle tyd begin gebeur.

## Ons en die groot verdrukking

Hierdie dinge waarvan Jesus Christus gepraat het, het meer as drie dekades later ontvou. In die jaar 68 n.C. het die Romeinse weermag Jerusalem beleër en twee jaar daarna het dié stad geval. Die tempel en die stad is verwoes. Christus se voorspelling in Matthéüs 24 kan egter nie net op die val van Jerusalem geskoei word nie. Met die verloop van eeue was daar al talle oorloë, hartseer, ellende, sonde, boosheid en natuurrampe. Tans hoor ons daarvan en voel ons hierdie dinge aan ons eie lyf.

Die groot verdrukking is dus nie 'n enkele, afgebakende tyd net voor die wederkoms van Christus nie, maar duur die hele tydperk tussen die Here Jesus se eerste en tweede koms.

## Tot nadenke

In 1 Korinthiërs 15:25 leer Paulus die volgende: *Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.* Ongeag hoe en wanneer die groot verdrukking plaasvind, weet gelowiges dat Christus reeds die oorwinning vir ons behaal het. Daarmee saam is dit ook so dat ons swaarkry, ellende en teenstand sal ervaar. Nieteenstaande dit alles, is gelowiges oortuig dat niks ons van die liefde wat God vir ons in Christus Jesus het, sal skei nie (vgl. Rom. 8:39). Daarom skryf Dawid: *Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die* Here *hom* (Ps. 34:20).

1. Leraar van die AP Kerk Bothaville.



# Wat is die eindtyd en hoe raak dit ons?

**Riaan Joubert**[1]

Ons leef beslis in die laaste dae – dalk selfs in die lááste van die laaste dae. En tog het die laaste dag nog nie aangebreek nie! Só moet ons oor die eindtyd praat as ons die Bybel daaroor wil napraat: met 'n spanning tussen wat *reeds* is en wat *nog nie* gebeur het nie. Heilshistories dra die hele Bybel die blye boodskap dat ons Here met sy skepping onderweg is na 'n heerlike einddoel: Hy wil die skepping en sy kinders volkome van die verganklikheid en die gevolge van die sondeval bevry (vgl. Rom. 8).

Die spanning tussen die *reeds* en die *nog nie* begin in die Ou Testament met die eerste belofte dat Iemand uit die saad van die vrou sal kom om die kop van Satan te vermorsel. In die Nuwe Testament gaan dié belofte in vervulling wanneer Jesus liggaamlik na die wêreld toe kom. Dít is waar die eindtyd begin. Die Nuwe Testament sê ons is met die koms van Jesus Christus "en tais eschatais hemerais" – *in die laaste dae* (Hebr. 1:1) – waarin God deur Jesus Christus met ons praat. Ons is "epi eschatou tõn chronõn" – *in die laaste tyd* (1 Petr. 1:20) – waarin Jesus Christus se verlossende werk geopenbaar sal word.

Die eindtyd lê nie in ons toekoms nie. Dit het reeds met die eerste koms van Christus aangebreek en eindig met sy wederkoms. Met sy opstanding en hemelvaart het Hy sy oorwinning oor Satan bevestig en het sy heerskappy oor die wêreld begin. Die koninkryk van God het aangebreek in die wêreld en vir die volle tyd wat die Vader dit bestem om só te wees, 'n simboliese duisend jaar, heers Hy nou saam met die gelowiges (vgl. Openb. 20). Satan is gebind en te midde van baie uitdagings, kry die kerk die geleentheid om die evangelie in die hele wêreld te verkondig tot redding van die nasies. Hierna, sê die Here Jesus, kom die einde (vgl. Mt. 24:14).

Omdat ons in die eindtyd leef, sal ook óns die tekens van die eindtyd waarneem. Christus het tydens sy lewe al vir sy dissipels gesê dat hul geslag die tekens daarvan sal sien: die vernietiging van die tempel en die val van Jerusalem, oorloë, vals profete en christusse, die Antichris, aardbewings, hongersnode, pessiektes, verdrukking en afvalligheid onder gelowiges. Ook Paulus en Petrus het gewys op die tekens van die eindtyd wat reeds in hul tyd sigbaar was, en het gewaarsku dat dit in die laaste dae verder sal toeneem, want in die laaste van die laaste dae sal Satan losgemaak word en hy sal uitgaan om die nasies te verlei. Aan hierdie tekens, het die Here Jesus gesê, sal ons weet dat die laaste dag *naby is, voor die deur* (Mt. 24:33).

Die eindtyd loop op die laaste dag uit, met verskeie kosmiese gebeure waarvan die ganse mensdom bewus sal wees. Christus sal sigbaar en liggaamlik na die wêreld terugkeer. Satan sal met vuur uit die hemel verteer word en in die poel van vuur gewerp word. Dooies sal opstaan en almal sal voor die regterstoel van God verskyn. Dan sal God alles nuut maak en die woonplek van sy kinders sal by Hom wees.

Die eindtyd is 'n tyd van spanning tussen dit wat reeds in Christus gebeur het en dit wat eers op die laaste dag 'n werklikheid sal word. Dit is 'n tyd waarin die bruilofsgaste met spanning in die donker wag op die Bruidegom wat enige oomblik kan opdaag – angstig om nie die geleentheid mis te loop om saam met Hom fees te vier nie. Die eindtyd is 'n tyd waarin die slawe woeker met die talente en die opdrag van hul Heer, terwyl hulle met gespanne verwagting die pad dophou omdat hulle nie weet presies wanneer Hy sal opdaag om rekenskap te eis nie. Dit is ook 'n tyd van genade, waarin die Here ons die geleentheid gun om ons op die koms van sy Seun voor te berei. Laat ons dan, terwyl ons weet dat ons nou in die eindtyd leef, waaksaam en standvastig in die geloof wees.

1. Riaan Joubert is 'n voormalige predikant van die Nederduitsch Hervormde kerk en lidmaat van die AP Kerk Moot-Sentraal.

# "Skepping vs. Evolusie": Opmerkings oor artikels in *Die Boodskapper* (Maart 2025)

**Riaan Nel[1] skryf:**

1. Een fatale flater wat byna al die artikels maak, is dat hulle, soos die Roomse Kerk, die Bybel tot 'n wetenskaphandboek redigeer, wat dit nie is nie en ook nie ten doel het nie. Die gevolg is dat vele Christene én wetenskaplikes "versmoor" word, omdat hulle nie wil toegee aan die wetenskaphandboeksiening nie.
2. Die Bybel is deur God se toedoen deur sy volk, aan en vir God se volk, oor sy wisselwerking met sy volk, geskryf.
3. Die Godsvolk het begin met die skepping van Adam en Eva as die eerste mensepaar. As 1446 v.C. aanvaar word as die uittog uit Egipte, kan Adam (en Eva) se skeppingsjaar bereken word as 4111 v.C., en Jesus Christus se geboorte iewers in die begin van Oktober 6 v.C.
4. Wanneer die skepping as 'n kolletjie op 'n groot blanko vel papier voorgestel word, is God Drie-enig om en deur hierdie kolletjie teenwoordig. Die uitverkiesing van die ewige Godsvolk het daarmee ook plaasgevind: God ken die getal, die mens nie.
5. Evolusie is nie teen God nie, maar is 'n wetenskaplike woord wat "aanpassing" beteken, soos een skrywer tussen mikro- en makro-evolusie onderskei het en waar makro-evolusie Godmiskennend sou wees. God het sy skepping vir sy plesier tot stand gebring (vgl. Openb. 4:11; Kol. 1:16; Gén. 1:27, 31; Ps. 8:5; 2 Petr. 1:3).
6. Die tydperk van sewe werklike dae (ses skeppingsdae en een rusdag) in die skeppingsverhaal is betekenisloos, tensy God vir sy volk 'n sewedaagse ritme wou bewerkstellig. Hierdie sewedaagse ritme vind ons eers ná die uittog uit Egipte. Dit word nie genoem by Enos (vgl. Gén. 4:26; 5:6) en Henog (vgl. Gén. 5:24) se lewenswandel met God nie. Dit bring ons by die vraag: Wanneer is Génesis 1-11 werklik in die boek Génesis opgeneem?
7. Met die lees van die bydraes het dit my opgeval dat daar nie van ander wetenskaplikes gebruikgemaak word om die teendeel te bewys nie. Hier kan ek byvoorbeeld Christenwetenskaplikes soos drr. Louw Alberts, Alex du Toit en Maryna Swarts noem. Daar is nog vele ander Christenwetenskaplikes se bydraes in die bestudering van geologie, vernaam: (1) sedimentologie en struktuur, ingesluit plaattektoniek, wat begin het as 'n teorie en later met feite bewys is, (2) astronomie (Mars wat naby op die huidige afstand van die Aarde van die son kon wees met die begin van ons sonnestelsel; met middelpuntvlietende krag het die Aarde uitbeweeg tot sy huidige posisie en is nog steeds besig om verder van die son af weg te beweeg), (3) paleontologie, (4) antropologie, om 'n paar te noem.
8. Dit is belangrik dat skrywers moet weet wanneer die volk van God haar bestaan gekry het: (1) Hoe hierdie volk deur Adam en Eva se sondeval God misken en onteer het, alhoewel beide God geken en geweet het Hy moet geëer, verheerlik en eerste gestel word. (2) Hoe hulle nie hul doel uitgeleef het om God aan die mense rondom hulle met woord en daad te verteenwoordig nie. (3) Hoe Jesus Christus met sy menswording in 6 v.C. hierdie gebroke verhouding kom herstel het.
9. Een skrywer het geredeneer dat die ontstaan van die dood by die sondeval begin het. Dit is om te redeneer hoeveel vere op die vlerk van 'n engel is. Die antropologie het bewys dat mense ten tye van Adam en Eva (4111 v.C., God se volk) in die Levant, die vrugbare sekelmaan, met bloeiende stede en bewerkte oeslande geleef en gesterf het.

My dank aan die redaksie van *Die Boodskapper* wat die skepping- en evolusiesaak geopper het. Tog wil ek dit duidelik maak dat daar vele Christenwetenskaplikes is wat nie die sesdaagse skepping en die Aarde se ouderdom (geskat op ± 6 000) onderskryf nie, en weet dat daar mense tydens Adam en Eva se tyd geleef het.

1. Christenwetenskaplike in geologie en mynbouingenieurswese.

## Antwoord op die skrywe: “Skepping vs. Evolusie”

**Dr. Adriaan Odendaal[1] skryf:**

Met dank aan die skrywer vir sy insette, word daar op twee sake met betrekking tot die skrywe gefokus: Die eerste saak het betrekking op punt 5, en die tweede volg as ’n breër antwoord waar daar oor die gesag van God se Woord nagedink word.

### Evolusie soos deur die wêreld gepropageer, is teen God

Evolusie soos die hoofstroommedia, universiteite en selfs skoolkurrikulums dit voorstel as “aanpassing van organismes oor tyd heen, soos hulle voortplant en sterf, totdat daar baie verskillende en komplekse lewensvorme ontwikkel oor miljoene jare”, is onversoenbaar met die Woord van God. Natuurlike seleksie (mikro-evolusie) is nie dieselfde as hierdie tipe “evolusie” (makro-evolusie) nie.

In die artikel “Mikro- en makro-evolusie” word dit ook uiteengesit dat natuurlike seleksie nie nuwe soorte laat ontstaan nie, maar slegs variasie binne soorte tot gevolg het. Dus, God het elke soort lewende organisme op so ’n manier geskep dat daar verskillende vorme van daardie soort kan voorkom.

Die waarheid dat God elke soort van die begin af volgens hul soort geskep het, bly vasstaan soos die Bybel dit leer. Geen lewende organisme het deur die dood van vorige geslagte (wat met die sondeval eers ingetree het), oor tyd heen, deur evolusie tot ’n ander soort ontwikkel nie. Evolusie soos die wêreld dit probeer propageer, is teen God.

### Woord van God, of woorde van mense? Wat sien ons werklik as die wáre gesag?

Verskeie punte in die brief het betrekking op ons beskouing van die Skrif se gesag. Baie mense sê die Bybel is die Woord van God, maar bedoel eintlik dit is woorde oor God soos die mens daaroor dink. Ons almal, insluitende Christenwetenskaplikes, moet ligloop vir hierdie strik wat ons probeer oortuig dat die Bybel net woorde oor God is, of dat net dele daarvan betroubaar is. In ons sondigheid val ons maklik vir hierdie leuens. Die waarheid is dat die hele Bybel (van Génesis tot Openbaring) die Woord van God is, en die absolute betroubaarheid, gesag en waarheid van God dra en verteenwoordig.

Niks in hierdie ganse skepping val buite God se absolute heerskappy nie. Ook wetenskap, en die beoefening daarvan, moet voor God se heerskappy buig. Wetenskap is nie ’n gesagsbron los van, neutraal tot, gelyk aan of bo God se Woord nie. Dit is goed om wetenskap te beoefen, maar dit moet altyd onder die gesag en waarheid van die Skrif staan.

As Woord van God volg dit dat die Bybel nie ’n wetenskaphandboek hoef te wees om iets oor wetenskap of die beoefening daarvan te sê nie. As die wetenskap (wat sondige mense beoefen) op enige manier die waarheid van God se Woord bevraagteken en ander antwoorde probeer gee as die Bybel, dan moet ons mos besef dat die mens se beoefening of interpretasie van die wetenskap foutief is. God spreek nie onbetroubaar in sy Woord nie. Dit is die mens wat met sý woorde probeer om ’n ander gesag as die Bybel op te stel.

1. Ph.D Geologie (UV) en teologiese student aan die AP Akademie.

**ST LUCIA – Vakansiewoonstel te huur**

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

**SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto’s**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand. 2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# Israel: Spesiale behandeling in die eindtyd?

**Ds. Henri Scherman**[1]

**Met die uitbreek van die oorlog tussen Israel en Hamas, is die volk Israel se posisie opnuut in die kollig. Het God miskien sy uitverkore volk verstoot, sodat daar vir hulle geen rus in die land van die belofte is nie?**

Hierdie vraag is nie nuut nie. Die apostel Paulus het dit lankal reeds beredeneer en dit vir ons in Romeine 9-11 opgeklaar – Skrifgedeeltes wat vir ons van groot waarde is. Dit help ons om die verhouding tussen die volk Israel en die heidene in God se verlossingsplan te verstaan. In hierdie hoofstukke lees ons van God se vrymag, Israel se uitverkiesing, God se genade en die toekoms van die uitverkore volk van God.




Israel glo nie dat Jesus, die Christus is waarvan die profete getuig het nie. Dit is vir Paulus 'n saak van groot droefheid en onophoudelike smart. Hy erken dat God Israel uit vrye keuse verkies het om sy volk te wees, maar hul uitverkiesing as volk is nie 'n waarborg dat elke liewe Israeliet gered sal word nie. Hierdie standpunt word gestaaf deur te verwys na die uitverkiesing van Jakob en die verwerping van Esau (vgl. Rom. 9:13). God se verkiesing hang nie af van mense se handelinge nie, maar slegs van sy genade.

Die saak word verder verduidelik deur na die verharding van Farao se hart te verwys waarin die krag van God getoon en sy Naam op die hele aarde verkondig word. Soos die pottebakker besluit wat om uit 'n stuk klei te maak, so besluit God om die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid bekend te maak, dié wat Hy uit die Jode en ook uit die heidene geroep het. Dit word duidelik in die heidene wat uit die geloof geregtigheid verkry het, hoewel dit nie deur hulle nagejaag is nie en Israel wat die wet van geregtigheid nagejaag het, maar nie die geregtigheid bereik het nie.

Paulus verduidelik dan verder in hoofstuk 10 dat redding alleen deur geloof in Christus is en nie deur die werke van die wet nie. Dit word beklemtoon dat met die hart geglo word tot geregtigheid en met die mond bely word tot redding:

> ***Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word* (Rom. 10:13).**

Hy benadruk die noodsaaklikheid om die evangelie te verkondig om mense tot geloof te bring. Geloof kom deur die woord van God te hoor (vgl. Rom. 10:17).

Dit is juis dié tragedie waaroor die apostel groot droefheid en onophoudelike smart beleef. Aan Israel is die koms van die Messías deur en deur verkondig, maar sy is 'n ongehoorsame en teësprekende volk, wat die geregtigheid van God verwerp het. Volke wat Jesus nie verwag het nie en nie na Hom

gevra het nie, aan hulle het Hy verskyn en hulle het Hom gevind.

Paulus vind wel troos daarin dat die ganse volk van Israel nie deur God verwerp word nie. Hoewel ’n groot getal uit Israel Christus nie aangeneem het nie, is daar ’n oorblyfsel ooreenkomstig die verkiesing van die genade, wat die knie nie voor Baäl gebuig het nie. Hy beskryf homself as ’n voorbeeld van God se genade: ’n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. Hy het tot geloof gekom deur die genade wat aan hom betoon is, daarom is die ganse volk nie deur God verwerp nie, anders was hy wat Paulus is, ook nie gered nie.

Die val van Israel is die rykdom van die wêreld en wat hulle kortkom, die rykdom van die heidene. Hulle verwerping is die versoening van die wêreld. Hierdie stellings word deur ’n beeld verduidelik: Takke wat nie vrug dra nie, is afgebreek en wilde takke word op die boom ingeënt. Die takke wat nou ingeënt is, is nie meerderwaardig teenoor dié wat afgebreek is nie. Deur dié wat afgebreek is, het daar plek gekom waar die wilde takke ingeënt kon word. Die boom is Jesus Christus en die takke wat afgebreek word, is dié uit die volk Israel wat nie in Hom glo nie. In hul plek word uit heidense volke gelowiges ingeënt. Hierdie inenting is nie ’n prestasie wat deur iemand bereik word, of wat hulle op die een of ander manier verdien het nie. Dit is ’n genadedaad van God. Heidene wat so deel van die boom geword het, moet daarom nie opgeblase wees nie, maar in nederigheid erken dat hul redding deel is van die reddingsplan van God en nie omdat hulle dit verdien het nie.

Die afvalligheid van Israel is nie ewig nie, maar tydelik. Nou is dit ter wille van die redding van die heidene, maar daarmee word Israel nie in totaliteit verwerp nie. Op die tyd wat deur God bestem is, sal elkeen uit Israel wat met die mond die Here Jesus bely en met die hart glo dat God Jesus uit die dode opgewek het, gered word. Paulus se droefheid en smart word verlig en nou kan hy nie anders as om die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God te besing nie, want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid (vgl. Rom. 11:33, 36).

Uit hierdie hoofstukke word ons geleer dat God se reddingsplan Jode én heidene insluit, hoewel daar ’n fokus is op God se genade en geregtigheid en die eindelike redding van die volk Israel. Ja, Israel is spesiaal behandel en God se beloftes aan haar sal nie leeg terugkeer nie. Nee, Israel gaan nie spesiale behandeling aan die einde van tyd kry nie. Daar is nie vir haar ’n ander pad na redding as vir dié uit die heidendom nie. Christus is die weg, die waarheid en die lewe – vir Jood én heiden. Alleen dié uit Israel wat met die hart glo en Christus met die mond bely en die Naam van die Here aanroep, sal gered word:

***Want die Here sal sy volk nie verwerp en sal sy erfdeel nie verlaat nie; want die regspraak sal terugkeer tot geregtigheid, en al die opregtes van hart sal dit volg* (Ps. 94:14-15).**

1. Leraar van die AP Kerk Bloemfontein Moedergemeente.

Die Boekwinkel
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




PRYS: R260




PRYS: R240





PRYS: R100

www.liginduisternis.co.za

## DEEL 2: THIATÍRE, SARDIS, FILADELFÍA EN LAODICÉA (Leidrade: Openb. 2:18-3:22)

| | |
|---|---|
| 4 | Y |
| 6 | |
| 3 | |
| 9 | |
| 10 | O |
| 8 | |
| 5 | |
| 2 | L |
| 12 | |
| 14 | |
| 1 | E |
| 13 | |
| 11 | B |
| 7 | |

**KODELETTERS:** Elke letter word deur 'n enkel syfer verteenwoordig. As Y = 4, dan sal al die blokkies wat met 4 gemerk is, Y's wees. Gebruik die leidraad om die kode te ontsyfer.



OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR

### DWARS

1. Nekropolis: Stad van die dood (3:1)
3. Dui op drakrag, permanensie (3:12)
6. Uitnodiging tot bekering (3:20)
8. Sy verlei volk tot afgodery (2:20)
9. Vertroue op God (2:19)
10. Ontwaak uit insluimering (3:3)
11. Afgekoel (3:15)
13. Oorsprong van die skepping (3:14)
18. Militêre en handelsentrum (3:7)
20. Setel van intellek en denke (2:23)
21. Iemand wat jou oorval (3:3)
22. Setel van emosie en gevoel (2:23)
23. Geestelik ellendig, pateties (3:17)
25. God se traf vir Isébel (2:22)
27. Geloofwaardige (3:14)
29. Die woord lui gesaghebbende Goddelike uitsprake in (3:14)
31. Hemelregister met name (3:5)
33. Tyd van beproewing (3:10)
34. Simbool van heiligheid (3.5)
35. Kan verval glad nie sien nie (3:17)
36. Enkeles wakker oorlewing aan (3:4)
37. Daar is sewe van hulle (3:1)

### AF

2. Medikasie vir blindheid (3:18)
4. Geneentheid vir Christus (2:19)
5. Sigbare beeld van nuwe dag (2:28)
7. Simbool vir suiwer geloof (3:18)
11. Hulle word doodgemaak (2:23)
12. Afgesonderd van die wêreld (3:7)
14. Vuurdoop vir goud (3:18)
15. Stad van veelgodedom (3:14)
16. Isébel se woonplek (2:18, 20)
17. Om 'n tekort te ervaar (3:17)
19. Geheimenisse van Satan (2:24)
24. Christus se feesmaal (3:20)
26. Radikale vernuwing in denke (3:3)
28. Enduit getrou bly (2:26)
30. Hul soos kleipotte gebreek (2:26)
32. Dui op duursaamheid (2:18)

AP KERK ALBERTINIA

## Dankbaar

Ons is op 26 Februarie 1955 getroud en ná 70 jaar is ons steeds gelukkig bymekaar. Uit ons huwelik is drie seuns gebore, vir wie ons baie lief is. Ons het agt kleinkinders en sewe agterkleinkinders, en ons is geseënd om hulle te sien grootword. Ons is baie dankbaar hieroor, maar die belangrikste is dat ons hemelse Vader deel van ons lewens is. Ons aftrede in Albertinia met mense wat 'n pad saam met ons gestap het en ons gemeente en medelidmate wat liefde en vriendskap gee, is deel van die seën wat ons ervaar. Ons kon nie vir beter gevra het nie. Ons is dankbaar vir ons leraarspaar, ds. Dewald en sr. Esje Cronjé, wat ook deel van ons lewens is. Ons kan getuig dat die Here altyd met ons was. Sy liefde en genade is altyd by sy kinders.


Oom Ono en tannie Lucy Otto


*Oom Ono en tannie Lucy Otto*

AP KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

## Skriba tree af


Vir alles in die lewe is daar 'n begin en 'n einde ... Sr. Engela van Niekerk was vir 17 jaar skriba van hierdie gemeente. Sy het besluit om 'n welverdiende ruskans te neem en om al die dingetjies wat altyd uitgestel moes word, uiteindelik te doen. Een daarvan is tuinwerk in haar pragtige feetjietuin. Ons bedank haar vir haar pligsgetroue diens oor 17 jaar. Al het sy as skriba afgetree, is sy steeds betrokke by die vroue-aksie. Engela het haar kleindogter, Ashley Gordon, touwys gemaak. Sy is nou in ouma Engela se stoel in die kerkkantoor. Ons wens sr. Ashley sterkte toe.


*Sr. Engela van Niekerk*

## Vroue-aksie

Die susters van hierdie gemeente gaan 2025 handevat en weer lekker saamwerk, want soos die spreekwoord lui: Een swaeltjie maak nie 'n somer nie. Ons sien opgewonde uit na die nuwe jaar se werksaamhede. Ons leraarsvrou, sr. Anso van den Berg, is voorsitter, sr. Desiré Diedericks is ondervoorsitter en sr. Ina Koen beheer ons geldsake. Baie geluk aan die susters met hul verkiesing en baie sterkte vir jul werksaamhede vir 2025.

Elize Müller


*Sr. Ashely Gordon*

**Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!** Stuur asseblief u gemeentenuus in Microsoft Word-formaat (maks. 300 woorde, nie ouer as ses maande nie). Stuur oorspronklike, hoëresolusiefoto's saam met die Word-dokument na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

AP KERK BRAKRIVIER

## ’n Blywees-Sondag



Dit was ’n dikoulap Sondag – tot oorlopens toe volgeprop met doendinge: die erediens met ’n nagmaalviering, ’n ouderlingsbevestiging en ’n nuwe lidmaat wat verwelkom word. Dit was bowendien die viering van ons 32-jarige bestaansjaar en daarvoor het die Sustersaksie nie net ’n blommegroet voorberei nie, maar ook ’n koue ete met roomys kniediep in sjokoladesous.

Saterdag tref die nuus ons soos ’n deur wat onverwags toeslaan: Prof. Roelof Marè is siek. En kort daarna: Kragonderbreking fase ses! Skielik moet ons skarrel om dié skielike terugslae te bowe te kom ... Gelukkig het ons ’n reserwedominee in George op wie se knoppie ons kon druk. Hy kan uithelp ...

Die volgende oggend is die hele diakenspan vroeg aan die spook met die kragopwekker wat al 10 maande so dikdood in die stoor op rus staan. Daar word afgestof en kabels gekonnekteer. Die kragopwekker kom al hygend uit sy winterslaap. Die ligte flikker aan.

Intussen begin die gemeente arriveer. Sr. Susan speel op die orrel. Die gemeente val weg met Psalm 84:1 “Hoe lieflik is u wonings, Heer der leërskare ...” Die hart wat die Here soek, moet bly wees! Ná ds. Johann se mooi diens, kon die feesvieringe begin: sommige sit buite onder die gazebo en ander verkies die knusheid van die teeportaal. Maar kuier, kuier ons! Dit was voorwaar ’n blywees-Sondag!

Janine du Plessis

**AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE**

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart truie @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709**
**E-pos: pietersburg@apkerk.co.za**

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
*Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.*

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte (“refurbished”) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het ’n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

AP KERK HARDEVELD/CALVINIA/CLANWILLIAM

## Basaar

Op 28 September 2024 het ons basaar gehou. Dit was verblydend om te sien hoe die gemeente en die gemeenskap handevat om van die fondsinsamelingsgeleentheid 'n groot sukses te maak. Ons bedank die gemeenskap van Bitterfontein en Nuwerus wat ons ondersteun het.

## Verbondsonderrig

Op 17 November 2024 het ds. Adriaan Appelgryn verbondsonderrigsertifikate aan twee dooplidmate oorhandig. Kallie en Piet Visser word ook ingespan om te help met die opneem van offergawes, wat hulle graag onder leiding van 'n diaken doen.



*V.l.n.r.: Ds. Appelgryn, Kallie en Piet Visser*

## Belydenisaflegging

Ds. Adriaan Appelgryn, leraar van die gemeentes Clanwilliam/Calvinia/Fraserburg/Hardeveld/Namakwaland/Olifantsrivier het die volgende belydenisafleggings waargeneem:

### AP Kerk Calvinia

Op 22 Desember 2024 het Stiaan le Roux belydende lidmaat van hierdie gemeente geword. Baie geluk aan br. Stiaan en sy ouers met hierdie groot stap in sy lewe.



*V.l.n.r.: Ouma Marietjie Fick, Stiaan le Roux, Altus le Roux, ouma Letta en oupa Fanus le Roux, Martha le Roux, br. Herman le Roux, ds. Adriaan Appelgryn*

### AP Kerk Clanwilliam

Op 2 Februarie het Arno Niewoudt 'n belydende lidmaat van hierdie gemeente geword. Baie geluk aan br. Arno en sy ouers met hierdie groot stap in sy lewe.



*Ds. Adriaan Appelgryn, Arno, Madelyn en Gideon Nieuwoudt*

Mariana Gey Van Pittius



**AP KERK DELMAS**

## Ons neem afskeid ...

Op 16 Maart het ons afskeid geneem van sr. Annetjie Botma. Ons is danbaar dat die Here haar in ons gemeente geplaas het.



Sr. Annetjie Botma

Die AP Kerk Delmas is in 1987 gestig. Vanaf 1997 was sr. Annetjie by die volgende gemeentelike aktiwiteite betrokke: Sustersbestuur (1997-Maart 2025); Verbondsonderrig (1997-2002); koster (1998-2009); skriba (2003-2005); saakgelastigde (2003-Maart 2025). Sy het almal in die gemeente en baie lidmate in die AP kerkverband geken. Ons is dankbaar vir haar harde werk en toewyding. Sy het die kerk en haar dienswerk altyd eerste gestel en haar werk was altyd reg en op datum.

Ons gaan tannie Annetjie baie mis. Ons bid dat ons hemelse Vader haar sal seën op die pad vorentoe. Nou kan sy, op 78-jarige ouderdom, gaan rus en haar kinders en kleinkinders geniet.

Fransesca Pretorius

**SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE**

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

**VOLKSHULP 2000**

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria



AP KERK DERBY

## Verwelkoming van leraarspaar

Vir die afgelope 11 jaar was die AP Kerk Derby herderloos. Ons was egter geseënd om elke Sondag 'n leraar op die kansel te kon verwelkom. Die Here het ons kerkraad gelei om 'n bedieningsooreenkoms met die AP Kerk Rustenburg te sluit. Ons verwelkom ds. Nico en sr. Tertia Grobler as ons leraarspaar.



Ds. Nico en sr. Tersia Grobler

## Doop en belydenisaflegging

Op Sondag 1 Februarie het ds. Greyling van Rooyen die doop aan FC, Deewan en Delarey Faul, en Corné Lourens bedien. Daarna het die vier jongmanne saam met Ané Jones belydenis van geloof afgelê. Ons is verheug en dankbaar oor die jongmense wat gedoop is en belydenis van hul geloof afgelê het. Mag hulle toegewyd, geanker in 'n sterk geloofsgrondslag, as ligdraers in die wêreld getuig. Ons dank aan br. Leon Botes vir sy toegewyde diens om hierdie jongmense met die oog op hul belydenisaflegging, te onderrig.



Agter v.l.n.r.: FC Faul, Deewan Faul, Corné Lourens, Delarey Faul. Voor v.l.n.r.: Ds. Greyling van Rooyen, Ané Jones, Leon Botes (voorganger)

Elaine Claassens

AP KERK NEWCASTLE

## Belydenis van geloof

Twee van ons gemeente se jongmanne, Christopher Lombard en Rynhard Short, het op Sondag 24 November 2024 belydenis van geloof afgelê. Ons is verheug om hulle as belydende lidmate te verwelkom. Oudl. Gert Opperman het die klasse met hulle deurloop en prof. Danny Nel het die belydenisaflegging waargeneem.



V.l.n.r.: Oudl. Gert Opperman, Rynard Short, prof. Danny Nel, Christopher Lombard

Kerkraad

**ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS**

**Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.**

**Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430**

**Kasteelsig Gastehuis**

**Pretoria**

**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**

±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal

**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

AP KERK GROOTFONTEIN TRANSVAAL

## Seniorburgerfunksie

Die jaarlikse seniorburgerfunksie is op 8 Maart gehou en die tema was eg Italiaans. Antipasto-stokkies, lasagne en roomys was op die spyskaart, met vermaak deur die jonger dooplidmate. Die gaste is bedien soos in 'n Italiaanse restaurant, kompleet met agtergrondmusiek en bypassende dekor. Die hoogtepunt was die fotohoekie met prettige brille, hoede en snorre, waarmee almal "snaakse" foto's kon neem. Dit was 'n heerlike eet-en-kuiergeleentheid.



*Seniorburgerfunksie*

## Belydenisaflegging en doop

Op 26 Januarie het ons gemeente met blydskap vyf nuwe belydende lidmate verwelkom. Ons is dankbaar vir hierdie jongmense se toewyding en bid dat hul lewens 'n getuienis van hul Christelike geloof en diensbaarheid sal wees.



*V.l.n.r.: Marla Strauss, Martelize Schütte, Marieta Möller, ds. Schalk Strauss, Swaricke Robertsen, André Steyn*

Daarbenewens was ons getuies van klein Mileah du Pisanie se doop. Sy het saam met haar ouers, Phillip en Marizane du Pisanie, al die pad van Kanada af gereis vir hierdie spesiale geleentheid. Alhoewel hulle tans in die buiteland woon, bly hulle steeds lidmate van ons gemeente deur middel van 'n reisende attestaat.



*Phillip, Marizane, baba Mileah en ds. Strauss*

Elaine van Zyl

AP KERK SANDDRIFT

## Dankbare groei ...

Op Sondag 9 Maart het die AP Kerk Sanddrift 14 nuwe lidmate verwelkom, waarvan 8 dooplidmate is. Op dieselfde Sondag het nog 3 nuwe lidmate aangesluit, wat die totaal op 17 nuwe lidmate bring. Ons eer ons hemelse Vader vir die mooi groei in ons gemeente, en glo dat al hierdie nuwe lidmate baie tuis by ons sal wees. Alle eer aan ons hemelse Vader!

Ds. Adriaan Swart



*Nuwe lidmate*

AP KERK PRETORIA-OOS

## Nagmaal en gemeente-ete

Dit is gebruiklik in ons gemeente om ná die nagmaalviering, as gemeente middagete saam te geniet. Op 16 Maart was dit weer so. Die geregte op die spyskaart was om van te kies en te keur. Die nagereg, koekstruif en pepermenttert, was voorwaar 'n heerlike bonus.


Gemeente-ete

Tydens hierdie geleentheid het die voorsitter van die ouderlingeraad, br. Eddie Cilliers, prof. Koos Adendorff by voorbaat met sy verjaarsdag op 27 Maart gelukgewens. Oudl. Charl Petzer het lidmate wat die afgelope jaar deel van ons gemeente geword het, in wyksverband welkom geheet. Die wyksleier van die betrokke wyk het 'n klein geskenkie aan die lidmate oorhandig.

Hannah Kotzé

AP KERK THABAZIMBI

## Susters aan't werskaf

Op 25 Januarie het die Sustersbestuur 'n kenmekaaroggend aangebied. Dit was 'n heerlike dag en vir die geleentheid is tafels onder die bome gedek. Elke suster is van 'n naamplaatjie voorsien en nuwe susters is verwelkom. Hulle het geleentheid gekry om hulself voor te stel, wat sommer die ys gebreek het. Sr. Jacomi Strydom het 'n bemoedigende en inspirerende boodskap gebring. Daarna is 'n ligte middagete in die vorm van 'n hoenderslaai in 'n glasbottel bedien, wat in 'n bord uitgekeer kon word, of wat jy kon saamneem huis toe. Ystee en vrugtesap is bedien, asook jellie, vla en vrugte.



As aktiwiteit en geskenk kon die susters 'n tuintjie in 'n bottel pak met plantjies, potgrond en klippies wat voorsien is. Dié wat eerder van koek en tee hou, kon 'n glashouer met kleinkoekies, of tee- en suikersakkies pak.



Riana van Wyk, ons voorsitter, het aan elke suster 'n boekie met die jaarprogram en kerkalmanak gegee. Geen tyd of moeite is ontsien om dit saam te stel nie. Hiermee kan elke suster deur die jaar maklik tred hou met die susters se aksies. Dit was 'n uitstekende manier om die nuwe jaar mee te begin, en kennisse is as vriendinne huis toe!

Trinkie Goosen



# Stellaland: vryheid, godsdiens-simboliek en sterre – Dr. Pieter Mulder

**’n Vlag met ’n halfmaan en ’n ster behoort dikwels aan ’n Moslemland. So ook ’n vlag met net een ster. Sterre op vlae is vreemd in ons geskiedenis.**

In hul soeke na vryheid en onafhanklikheid, het die Voortrekkers en Afrikanerboere tussen 1700-1900 amper 20 verskillende Boererepublieke gestig, elkeen met sy eie vlag en wapen. Enkele voorbeelde is die republieke Swellendam, Graaff-Reinet, Zoutpansberg, Potchefstroom, Winburg, Natalia, Oranje-Vrystaat, Transvaal/ Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), Goosen, Stellaland, Upingtonia by Grootfontein (Namibië), ensovoorts.

Hierdie republieke se vlae bestaan uit horisontale en vertikale bane wat net verskillend gerangskik is. Van die bane was rooi, oranje, groen, wit, blou of swart. Die een groot uitsondering is die vlag van Stellaland, wat ’n prominente agpuntige ster in die middel het. Was daar dan Mosleminvloede in Stellaland?

In 1881 breek konflik tussen swart stamme op die ZAR se westelike grens uit. Aan die een kant was die Batlapin met hul kaptein Mankoroane van Taung. Aan die ander kant was die Korana-kaptein David Massou van Mamusa (Schweizer-Reneke). Mankoroane was pro-Brittanje. In reaksie werf Massou Boerevrywilligers om in sy stryd te help en beloof plase en grond. Hierdie vrywilligers was oorwegend ZAR-burgers. Teen Julie 1882 is Mankoroane verslaan en kaptein Massou kom sy belofte na met 416 plase van 3 000 morg elk (ongeveer 2 500 ha elk). Gerrit van Niekerk tree as leier van die Boere op en Massou erken hom as die “administrateur” van die gebied. Die Boere besluit om ’n eie republiek oor die gebied uit te roep, met Van Niekerk as president. Nou kort hulle net ’n naam, ’n vlag en ’n grondwet.


In 1882 verskyn daar ’n komeet wat hoofsaaklik in die suidelike halfrond gesien kon word. Die sterrekundige WH Finlay van die Kaapse sterrewag, sien dit eerste raak. Sommige beskryf dit as die helderste komeet wat nog verskyn het. Soos komeet C/1882 R1 nader aan die aarde en son gekom het, was dit tot in die helder daglig sigbaar. Komete is klein, ysagtige hemelliggame wat in ’n baan om die son wentel, gewoonlik uit ys, gas en stof bestaan en daarom ook as “vuil sneeuballe” bekendstaan. Wanneer ’n komeet naby die son kom, begin ’n gedeelte daarvan smelt en verdamp en ’n stert, wat miljoene kilometer lank kan wees, word gevorm. Hoe nader die komeet aan die son kom, hoe helderder word dit. Mense praat dan van ’n “snaakse ster met ’n stert”.

Met die helder komeet in die lug, besluit die burgers dat die nuwe republiek Stellaland genoem moet word. *Stella* is ster in Latyn. Van die Boere het geglo dat die “ster met ’n stert” ’n goeie teken is dat hul nuwe republiek geseënd sal wees en lank sal bestaan. Hulle kies ’n eie volksraad, ontwikkel ’n eenvoudige maar effektiewe administrasiestelsel en neem die ZAR se grondwet as eie grondwet oor. Vryburg word die hoofstad en die naam verwoord hul strewe na vryheid. Die eie vlag en wapen wat hulle ontwerp, het albei ’n ster as fokuspunt. Posseëls met Stellaland se wapen op, word gedruk. Hulle is vandag baie gesog en haal duisende rande by seëlversamelaars.

Soos Amerika ’n federale republiek van 50 state (Verenigde State van Amerika) is, het ons in ons geskiedenis ook iets soortgelyk gehad. Langs Stellaland het Nicolaas Gey van Pittius nóg ’n Boererepubliek gestig. Dit was met die goedkeuring van die Tswana-kaptein, Moshette. Hy noem dit die Republiek van Goosen, na aanleiding van die plek waar die Israeliete in Egipte gewoon het. Omdat Stellaland en Goosen so klein was, besluit hulle om saam te smelt. Die naam is toe verander na die Verenigde Staten van Stellaland.

Wat die arme Stellalanders nie geweet het nie, is dat hul republieke in die pad van die

Vervolg op bl. 32



# Luister jou kinders in die kerk?

**Hannekie Verwoerd**



Kerktyd het ek altyd die gebreke aan die kerkplafon sit en tel, of hoeveel loodglasruite vervang moes word. Daarby nog bene swaai, rondkyk, dikwels aan die slaap raak en 'n nat kol op Pa se kerkbroek kwyl (o, skande!). Dan sê die dominee "tweedens" en jy weet dis nog ver van klaar af.

Natuurlik preek predikante heel dikwels oor jong kinders se koppe. Ekself kon 'n preek eers rondom st. 3 deels begin volg, te danke aan 'n aandagspan en taalbegrip wat waarskynlik toe eers met meer gemak kon inneem wat gebeur.

**Moet dít dan die strategie wees? Wag en hoop dat die aha-oomblik vir kinders aanbreek om kerk "interessant" te beleef?**

Of moet ons hulle maar vir eers buite laat speel en nie aan vervelige eredienste onderwerp nie, en hoop dat hulle later wel sal begin stilsit en luister? Of kan die dominee sy styl aanpas, meer op kinders fokus, en korter preek?

Hoewel bogenoemde strategie, wel die probleem ten dele kan aanspreek, kan ouers 'n veel groter bydrae lewer om eredienste vir kinders sinvol te maak.

## Memoriseer (en sing) kerkliedere

Kinders moet van kleins af saamsing. Die spraak-/taalterapeut in my staan nou regop om jou aandag op die volgende te vestig. Vir jou voorskoolse kind is daar min dinge wat breinontwikkeling so stimuleer soos die memorisering van liedjies en rympies.

**Hier het jy die geleentheid om kosbare stukke poësie in jou kind se brein in te graveer wat hy gaan behou tot in sy gryse ouderdom wanneer dowwe oë nie meer kan lees nie. Dan sal jou kind jou nog in herinnering kan roep en sê: "Aan moedersknie het ek geleer ..." Wanneer kinders saam kan sing, is hul deelname tydens die erediens eensklaps al sommer die helfte beter!**

## Bou kennis van Bybelverhale

Om met die onderwerp van bespreking bekend te wees, maak dit baie makliker om te volg. Neem verantwoordelikheid om self vir jou kinders uit die Bybel voor te lees en wel uit die vertaling wat in jou gemeente gebruik word. As die taalgebruik moeilik is, verduidelik dan ná elke paar verse in eenvoudiger taal wat julle pas gelees het. Sodoende raak kinders gewoond aan Bybeltaal en stel dit hulle in staat om nie te voel dat daar Sondag 'n klomp Grieks oor hul koppe uitgestort word nie.

## Kleintyddissipline tydens huisgodsdiens

Huisgodsdiens begin op jou huweliksnag. Ons het nie die wysheid gehad om dit só aan te pak nie, maar as jy mooi daaroor nadink, is jou man ook jou ouderling. Hy is die een wat in die gesin se aanbidding van God, moet voorloop. Wanneer jul eerste baba daar is, moet julle reeds 'n roetine van gesamentlike Bybelstudie hê. Aanvanklik gaan kleinding soet in Mamma se arms lê, terwyl julle lees en bid en sing, maar baie vinnig gaan sy tussenin begin "praat". Leer jou baba van die begin af om tydens Skriflesing en gebed stil te wees, en maak haar gemaklik en hou haar liefdevol vas as sy wil woel. Hierdie soort "opleiding" gaan vir baie jare vorentoe moet aanhou, maar hou net vol! Jy sal verstom wees hoe goed kinders reageer op liefdevolle, goedgunstige, ferm instruksie in dié verband.

## Saamlees tydens huisgodsdiens

Om saam te volg, help om die aandag te fokus en te behou op dít waaroor gelees word. Jou kind kry dan ook geleentheid om met

sy Bybel te werk en sal vinniger vorder met die opsoekwerk voor die predikant begin lees.

### Voorsien vir die swak vlees

’n Hele piekniekmandjie hoef dit nou nie te wees nie, maar vir jonger kinders is dit ’n goeie plan om iets kleins waaraan hulle kan peusel, byderhand te hê. As jy ’n meer spontane mens is wat nie baie erg aan roetine het nie, is Sondae se erediens nou die een geval waarvoor jy ’n uitsondering kan maak. Beplan vooruit sodat Sondagoggend nie in ’n onheilige geskarrel ontaard nie. Maak Saterdagaand seker almal het klere om aan te trek, sorg dat daar ontbyt vir die volgende oggend is en moenie te laat kuier nie. Hoe op aarde gaan enigeen aandagtig na die preek kan luister as daar net ’n paar uur se slaap was?

### Gesels oor die preek

Gesels, nie kruisondervra nie! My man het die gewoonte om elke Sondag wanneer ons ná kerk huis toe ry, ’n paar opmerkings oor die preek te maak en die kinders se opinies oor van die sake wat in die preek aangeraak is, te vra. Dit beteken natuurlik dat jy as ouer self baie aandagtig na die preek moet luister. Leer jou kinders op dié manier om krities te luister, maar waak daarteen om die predikant of sy preekstyl af te kraak.

### Oppas vir daardie dopamiene ...

Maak seker dat jy jou kind nie in die voet skiet met ’n lakse ingesteldheid ten opsigte van skermvermaak nie. Wanneer jou brein aan oormatige hoeveelhede dopamiene blootgestel word (soos wat die geval is met alle skermaktiwiteite), verloor jy die vermoë om op sake te konsentreer wat meer intense fokus vereis.

### Voer ’n gesprek

Goeie kommunikasie is een van die belangrikste hoekstene van effektiewe ouerskap. Gesels met jou kinders oor die menslike geneigdheid om nie behoorlik aandag te gee nie. Moenie ’n strafgerig daaroor voer nie, maar vertel hulle eerlik van jou eie worsteling daarmee. Bring hulle onder die indruk van die grootsheid van God se Woord, sonder om hulle te laat voel jy dreig hulle af met God se alsiendheid en alwetendheid.

(Toeligting: Robbie Castleman se *Parenting in the Pew* hanteer die saak onder bespreking in meer besonderhede.) ☺

---

«Vervolg vanaf bl. 30

## Stellaland: vryheid, godsdienssimboliek en sterre

groot Britse imperialis, Cecil John Rhodes gelê het. Sy droom was ’n spoorlyn wat vanaf Kaapstad in die suide, tot by Egipte en Kaïro in die noorde sou strek. Daarvoor moes hy hierdie gebied, vandag Botswana, onder Britse beheer kry. Brittanje was veral bekommerd dat ’n uitbreiding van Paul Kruger se ZAR na die weste en Duitse uitbreiding van Duits-Suidwes-Afrika (Namibië) na die ooste, uiteindelik by mekaar sal aansluit. Daarom noem hy hierdie grondkorridor tussen vandag se Namibië en Suid-Afrika ’n “binnelandse Suezkanaal”. Dit moes verhoed dat die Duitsers en Boere so by mekaar uitkom, want dit sou verdere Britse verowering van Afrika en Britse handel met Afrika permanent keer. Alarms in Brittanje gaan verder af toe Paul Kruger, op versoek van Stellaland, die republiek in September 1884 onder sy beskerming neem en dit as deel van die ZAR annekseer.

Brittanje stuur ’n militêre mag van 4 000 troepe onder leiding van sir Charles Warren daarheen. In 1885 maak hy ’n bloedlose einde aan die Republieke Stellaland en Goosen deur net eenvoudig die Britse vlag in Vryburg te hys. Die gebied word daarna by British Bechuanaland (Botswana) ingeskakel en word later deel van die Kaapkolonie.

Wat het van Gerrit van Niekerk, Stellaland se voormalige president geword? In 1892 stel president Kruger hom as polisiekommissaris van die ZAR aan. Die twee “presidente” woon daarna toevallig in Pretoria langs mekaar toe Van Niekerk en sy gesin in ’n huis langs Kruger s’n intrek.

Die optrede in Stellaland en Goosen was deel van Rhodes se omsingelingsplan van Transvaal. Ná hierdie gebeurtenisse het Britse imperialisme sprongsgewys toegeneem sodat die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 onvermydelik geword het. Ons weet ook nou dat die ster op Stellaland se vlag nie ’n godsdienstige simbool was nie. Soos C/1882 R1 verdof en weggeraak het, so was die Stellalanders se hoop op permanente vryheid en ’n eie republiek ongelukkig ook kortstondig. ☺

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# 'n Unieke waarde-aanbod van Solidariteit Helpende Hand is die gemeenskaps-konsessienetwerk

# ONS WINKEL

ONS WINKEL

# #WELSTAND

Verseker welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap.

SLUITAAN.CO.ZA

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

LUISTER HIER




Luister op DStv-kanaal 887 of op www.pretoriafm.co.za



JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 192 • Mei 2025

# Die waarheid van die wederkoms

Dalk het jy al van die "wegraping" gehoor as mense oor die eindtyd praat. Mense wat in die wegraping glo, glo dat die Here Jesus voor sy wederkoms al die gelowiges na die hemel toe gaan wegruk. Dan gaan daar vir sewe jaar groot verdrukking wees waar die ongelowiges, en veral Israel, geleentheid gaan kry om tot bekering te kom.

Baie kerke leer dat die wegraping en Christus se wederkoms aparte gebeurtenisse is. Mense wat in die wegraping glo, glo eintlik dat Jesus se wederkoms in twee fases gaan gebeur. In die eerste fase gaan Hy in die geheim kom om sy kinders na die hemel te neem. Die tweede fase is wanneer Hy finaal na die aarde terugkeer om die verdrukking te beëindig en om Satan te verslaan.

**IS DÍT WAT DIE BYBEL LEER?**

Mense wat die wegraping verkondig, gebruik baie Bybelverse om hul standpunt te bewys. Hulle is egter nie heeltemal eerlik met wat die Bybel leer nie. Hulle lees dikwels dinge in die Bybel in wat nie regtig daar staan nie.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld. Blaai in jou Bybel na 1 Thessalonicense 4:13-18. Mense wat die wegraping verkondig, is baie lief daarvoor om hierdie gedeelte as 'n bewys vir die wegraping aan te haal. Hierdie gedeelte praat egter nie van die wegraping nie, maar beskryf die

wederkoms in sy geheel. Met die wederkoms van ons Here Jesus Christus sal die dooies opgewek word. Hulle sal saam met die gelowiges wat tydens die wederkoms nog leef, weggevoer word om vir ewig by die Here Jesus te wees. Dit is al wat die gedeelte sê!

Nog 'n fout wat hierdie mense maak, is om sekere dele van die Bybel letterlik te verstaan, terwyl dit bedoel is om simbolies verstaan te word. Daar is baie gedeeltes in die Bybel wat in profetiese, poëtiese en simboliese taal geskryf is. Hierdie gedeeltes is ongelooflik belangrik. Dit help gelowiges om iets te verstaan van die boodskap wat die Here wil oordra. Tog is hierdie simboliese gedeeltes nie bedoel om letterlik verstaan te word nie.

As iemand byvoorbeeld sê: "Ek het al op 'n dag die land deurgestap," sê hy nie dat hy letterlik die land in een dag deurgestap het nie. Die Here gebruik ook hierdie tipe spraak in die Bybel. In Openbaring 19:14 vertel Hy deur die apostel Johannes van die hemelse weermag wat Christus op wit perde gaan volg om die dier en valse profeet te verslaan. Party kerke leer dat gelowiges letterlik die "leërs op wit perde" is wat Christus met sy oorwinning gaan help. Wat die Here eintlik in hierdie hoofstuk oordra, is dat die uiteindelike oorwinning met Christus se wederkoms sal plaasvind.

**WAT IS DAN DIE WAARHEID?**

Dit is nie nodig om die wederkoms ingewikkeld te maak nie. Die Bybel leer dat toe Jesus Christus na die hemel opgevaar het, 'n engel aan die dissipels verskyn en gesê het: *Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het* (Hand. 1:11).

As gereformeerde kerk glo ons dít: Christus kom weer, want dit is wat Hy belowe het! Wanneer gaan Hy kom? *Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag* (1 Thes. 5:1-2).

Wat moet ons intussen doen? *Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here* (Jak. 5:7). Die Heidelbergse Kategismus stel dit mooi: "Dat ek in alle droefheid en vervolging ... 'n Regter uit die hemel verwag ... wat my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem" (vgl. So. 19 v/a 52).

Groete, ds. Emilé


En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp ... (Openb. 21:23)



BLAAI DEUR DIE BYBEL

# Waar gaan ons eendag woon?



Waar gaan God se kinders woon ná die Here Jesus se wederkoms? Gaan ons soos "geeste" êrens in die hemel rondsweef, of gaan ons as mense met liggame op hierdie aarde leef?

## 'N NUWE AARDE

Ons lees op 'n paar plekke in die Bybel dat ons op 'n nuwe aarde gaan woon. Jesus se dissipel, die apostel Johannes, skryf in Openbaring 21:1 van *'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde* wat hy gesien het. Petrus, nog 'n dissipel van die Here, skryf in sy tweede brief dat ons, soos God beloof het, *nuwe hemele en 'n nuwe aarde* verwag (3:13). Die Ou Testamentiese profeet, Jesaja, skryf ook van *die nuwe hemel en die nuwe aarde* wat God maak (66:22). In al drie hierdie verse word die woord "nuwe" saam met "aarde" gebruik. Ons kan dus seker wees dat ons nie in die hemel, wat ons nie weet waar dit is nie, gaan woon nie. Ons gaan op hierdie aarde woon, want dit is mos al aarde wat ons ken! Op die nuwe aarde sal ons sekerlik ook dinge doen waarvoor God ons die gawe gegee het. Ons sal beslis nie rondsit en niks doen nie, want God het ook van Adam en Eva verwag om in die tuin van Eden te werk. Die nuwe aarde gaan dus eintlik soos die tuin van Eden wees, natuurlik voordat Adam en Eva gesondig het. Die belangrikste is dat ons God dag en nag op die nuwe aarde sal aanbid. En natuurlik sal daar geen sonde

wees nie, dus geen siekte, hartseer, moord, of enige ander slegte ding nie.

## WAT IS DIE HEMEL DAN?

Die hemel is die tydelike plek waarheen ons gaan wanneer ons sterf. Dit is die plek vanwaar God ons Vader, en Jesus ons Verlosser, die wêreld onderhou en regeer. Met Jesus se wederkoms, wanneer Hy finaal gaan oordeel, sal daar 'n opstanding wees en ná die opstanding, sal daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees. Dan sal God die hemel, waar dit nou is, na die nuwe aarde "oorplaas", waar ons dan vir ewig in hemelse vreugde gaan woon. Die rede waarom ons nie onmiddellik op die nuwe aarde is wanneer ons sterf nie, is omdat die wederkoms, die finale oordeel en die opstanding, nog nie plaasgevind het nie.
God herskep die aarde ná die opstanding en sê eintlik: "Hier is my plek vir julle om vir ewig te woon, en Ek sal by julle woon."
Die hemel is vir nou, voor die wederkoms, ons woonplek, maar die nuwe aarde is die plek waar ons uiteindelik gaan woon.


## 'N NUWE LIGGAAM

Ná sy kruisiging, het Christus op die derde dag uit die dood opgestaan en met 'n verheerlikte liggaam oor die verloop van 40 dae aan sy dissipels en ander mense verskyn. Hulle het Hom herken, en Hy het die spykermerke aan sy voete en hande vir hulle gewys. Hy het selfs kos voorberei en saam met sy dissipels geëet!
Ons aardse liggame word met ons dood vernietig. Met die wederkoms sal dieselfde liggaam opgewek en in 'n nuwe, verheerlikte liggaam verander word. Hoe ons "verheerlikte" liggame gaan wees, weet ons nie presies nie. Dit gaan iets van ons ou liggame hê, maar tog ook anders wees. Ons gaan dieselfde mens wees, maar tog ook anders. Ons ou liggame wat op aarde gely het, sal opgewek word en sonder lyding op die nuwe aarde leef. God se uiteindelike plan van verlossing is nie om ons as "geeste" sonder 'n liggaam iewers te laat rondsweef nie, maar om ons uiteindelik na die nuwe aarde te bring wat Hy uit die ou aarde herskep het, en waar ons as opgewekte kinders van Hom sal leef.

Is die hemel, as tydelike woonplek en die nuwe aarde, as finale en ewige woonplek, vir alle mense bestem? Nee, beslis nie! Die Bybel leer ons dat ons sondaars is. Net mense wat die verlossing van Jesus Christus aanneem en in Hom glo, mag vir ewig op die nuwe aarde woon.

Die ruitrooster het wit en gekleurde blokkies. (1) WIT BLOKKIES. Gebruik die leidrade vir die antwoorde en voltooi die woordblok. (2) GEKLEURDE BLOKKIES. Soek in Josua 24:25-28 vir die gedeelte van die Bybelvers wat voltooi moet word. Grys en swart blokkies vorm nie deel van die helder kleurblokkies nie. Sorg dat die getal letters van elke woord ooreenstem met die aantal beskikbare gekleurde blokkies voordat jy dit invul.

# JOSUA SE LAASTE WOORDE




**DWARS**

3. Beloofde Land (Jos. 24:3)
5. Koning van Moab (Jos. 24:9)
7. Naam van 'n rivier (Jos. 24:11)
8. Esau se erfenis (Jos. 24:4)
9. Die slawehuis (Jos. 24:5)
11. God se wetgewer (Jos. 24:5)
13. Na vryheid gelei (Jos. 24:5)
14. Uitgeroei (Jos. 24:8)
15. Naam van 'n rivier (Jos. 24:2)
19. Man wat Israel moes vervloek (Jos. 24:9)
20. Heeltemal bedek (Jos. 24:7)
21. Balak se vader (Jos. 24:9)
22. Isak se oudste seun (Jos. 24:4)
23. God se spesiale "soldate" (Jos. 24:12)
24. Dra olieryke vrugte (Jos. 24:13)

**AF**

1. Afstammelinge (Jos. 24:3)
2. Stad van die Amoriete (Jos. 24:11)
4. Moses se broer (Jos. 24:5)
6. Dien as 'n getuie teen Israel (Jos. 24:7)
7. Inwoners van Jérigo (Jos. 24:11)
8. Woonplekke kosteloos verkry (Jos. 24:13)
10. Hulle veg teen Israel (Jos. 24:11)
12. Plek van samekoms (Jos. 24:1)
16. God het hulle verdelg (Jos. 24:8)
17. Abraham se vader (Jos. 24:2)
18. Oorlog gevoer (Jos. 24:8)
19. Beskerm, behoed (Jos. 24:17)

Ds. Durandt Pieterse[1]



# IS JY GEREED, WANT JESUS KOM WEER!

**"As Hy weer kom, as Hy weer kom, kom haal Hy sy kinders; al sy kinders wat in Hom glo, om by Hom te wees. Ja, ons wag op die Here, en ons sing tot sy ere. Ja, Hy kom weer verseker om ons te kom haal."**

**(Ges. 388:1)**

Klink hierdie lied vir jou bekend? Ja, ons sing dit Sondae in die kerk. Al die woorde van hierdie gesang kom uit die Bybel en dit leer ons drie belangrike dinge oor Jesus Christus se wederkoms:

- Wat die woord "wederkoms" beteken.
- Wat Christus gaan doen wanneer Hy weer kom.
- Wat óns tot dan moet doen.

## WAT BETEKEN "WEDERKOMS"?

Dit is eintlik nie só 'n moeilike woord nie. Kyk of jy die woordjie "kom" in wederkoms kan sien. Kyk nou na die eerste vier woorde van die gesang, want dit sal jou help om te verstaan wat wederkoms beteken. Die wederkoms is die dag wanneer Jesus terugkom aarde toe om ons te kom haal. Johannes 14:3 sê: *En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

## WAT GAAN JESUS DOEN WANNEER HY WEER KOM?

Die gesang sê dat die Here al sy kinders "wat in Hom glo", kom haal. Johannes 3:16 sê: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Daarom is dit baie belangrik om in Jesus Christus te glo, want net hulle wat glo dat Hy vir hul sondes aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan het, sal vir ewig saam met Hom leef wanneer Hy hulle kom haal om by Hom te wees.

Maar dit is nie al wat Jesus gaan doen op die dag wanneer Hy terugkom nie. Die apostel Paulus sê in 2 Thessalonicense 1:8 dat Hy almal gaan straf wat nie in Hom glo nie. Hierdie straf gaan so lank wees soos die ewige lewe. Dit sal nooit ophou nie.

## WAT MOET ÓNS TOT DAN DOEN?

Omdat ons in Jesus Christus glo, en glo dat Hy sal terugkom om ons te kom haal, leer die gesang ons dat ons vir Hom moet "wag" en "sing". Wat beteken dit om vir Jesus te wag? Dink aan die einde van 'n skooldag. Wat doen jy nadat die laaste klok gelui en die skool uitgekom het? Jy wag vir iemand om jou te kom haal. Jy glo dat jou ma jou nie by die skool sal vergeet nie.

Net soos ons by die skool vir iemand wag om ons te kom haal, net so moet ons op Christus wag deur te glo dat Hy op pad is om ons te kom haal. Dit veroorsaak dat ons uit dankbaarheid tot sy eer wil sing! Dit is ook waarom ons op 'n Sondag in die kerk sing. Ons wys vir die Here dat ons dankbaar is omdat Hy ons van die hel verlos het en aan ons die ewige lewe skenk wanneer sy Seun terugkom aarde toe. Dit bring ons by die belangrikste vraag: Glo jý in Jesus Christus? As jy glo, dan is jy gereed vir die ewige lewe!

---

1. Medeleraar van die AP Kerk Orania.